

JAARBOEK 2006

Fakulteit Gesondheidswetenskappe

(NAGRAADS)

DEKAAN

PROF. H.A. KOELEMAN

This Calender is published in Afrikaans because Afrikaans is the medium of instruction on the Potchefstroom Campus. Correspondence however, may be conducted in either Afrikaans or English.

Rig alle korrespondensie aan

Die Registrateur Aklademiese en Korporatiewe Administrasie
Noordwes Universiteit (Potchefstroomkampus)
Privaatsak X6001
POTCHEFSTROOM
2520

Tel.: (018) 299-1111/2222

Faks: (018) 299-2799

Privaatsak X6001 Telefoon: (018) 299-1111/2222

POTCHEFSTROOM

2520

Internet: <http://www.puk.ac.za>

U UNIVERSITEITSNOMMERNOMMER MOET ASSEBLIEF IN ALLE KORRESPONDENSIE VERMELD WORD.

Die Algemene Akademiese Reëls van die Universiteit, waaraan alle leerders hulle moet onderwerp en wat op al die kwalifikasies wat die Universiteit aanbied, van toepassing is, verskyn in 'n afsonderlike bundel en is op die webblad beskikbaar.

Let wel: Ofskoon die inligting wat in hierdie Jaarboek opgeneem is so noukeurig moontlik saamgestel is, aanvaar die Raad en die Senaat van die Universiteit hoegenaamd geen aanspreeklikheid vir onjuisthede wat hierin mag voorkom nie. In die besonder bly dit elke leerder se verantwoordelikheid om hom/haar deeglik te vergewis van die klasrooster en moontlike roosterbotsings voordat hy/sy finaal oor die keuse van modules besluit. Indien daar 'n botsing by 'n leerder se voorgenome keuse voorkom, is die betrokke kombinasie van modules ontoelaatbaar.

Inhoudsopgawe

G.20	REËLS VIR DIE ONDERSKEIE KWALIFIKASIES.....	1
G.20.1	GESAG VAN DIE DIE A-REËLS.....	1
G.20.2	FAKULTEITSREËLS.....	1
G.20.3	NAVORSINGFOKUSAREAS, SKOLE EN VAKGROEPE IN DIE FAKULTEIT GESONDHEIDSWETENSKAPPE.....	1
G.20.4	KWALIFIKASIES, PROGRAMME EN KURRIKULUMS.....	2
G.20.5	MODULES EN KREDIETE.....	8
G.20.6	ERKENNING VAN VORIGE LEER.....	8
G.20.7	REGISTRASIE.....	9
G.20.8	REGISTRASIE VIR BYKOMENDE MODULES.....	9
G.20.9	EKSAMINERING - HONNEURS-GRADE.....	9
G.20.10	EXAMINATION (ASSESSMENT) - HONNOURS.....	10
G.20.11	EKSAMINERING - MAGISTER GRADE.....	11
G.21	REËLS VIR DIE GRAAD HONNEURS BACCALAUREUS ARTIUM.....	14
G.21.1	DUUR VAN DIE STUDIE.....	14
G.21.2	ALGEMENE TOELATINGSVEREISTES.....	14
G.21.3	PROGRAM : MENSLIKE BEWEGINGSKUNDE.....	14
G.21.3.1	SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES.....	14
G.21.3.2	KURRIKULUM : KINDERKINETIKA.....	14
G.21.3.3	KURRIKULUM : BIOKINETIKA.....	15
G.21.3.4	KURRIKULUM : SPORTWETENSKAP.....	15
G.21.4	PROGRAM : PSIGOLOGIE.....	16
G.21.4.1	SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES.....	16
G.21.4.2	KURRIKULUM : PSIGOLOGIE.....	16
G.21.5	PROGRAM : REKREASIEKUNDE.....	17
G.21.5.1	SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES.....	17
G.21.5.2	KURRIKULUM : REKREASIEKUNDE.....	17
G.21.6	PROGRAM: REKREASIEKUNDE EN TOERISMEBESTUUR.....	18
G.21.6.2	KURRIKULUM : REKREASIEKUNDE EN TOERISMEBESTUUR.....	18

G.22	REËLS VIR DIE GRAAD HONNEURS BACCALAUREUS ARTIUM (MAATSKAPLIKE WERK).....	20
G.22.1	DUUR VAN DIE STUDIE	20
G.22.2	ALGEMENE TOELATINGSVEREISTES	20
G.22.3	PROGRAM : MAATSKAPLIKE WERK.....	20
G.22.3.2	KURRIKULUM : MAATSKAPLIKE WERK	21
G.23	RULES FOR THE DEGREE HONOURS BACCALAUREUS PHARMACIAE	23
G.23.1	DURATION	23
G.23.2	GENERAL ADMISSION REQUIREMENTS	23
G.23.3	PROGRAMME : PHARMACY	23
G.23.4.1	CURRICULUM : COMMUNITY PHARMACY	24
G.23.4.2	CURRIULUM : HOSPITAL PHARMACY	25
G.24	REËLS VIR DIE GRAAD HONNEURS BACCALAUREUS SCIENTIAE	27
G.24.1	DUUR VAN DIE STUDIE	27
G.24.2	ALGEMENE TOELATINGSVEREISTES	27
G.24.3	PROGRAM : MENSLIKE BEWEGINGSKUNDE	27
G.24.3.2	KURRIKULUM : KINDERKINETIKA	27
G.24.3.3	KURRIKULUM : BOKINETIKA	28
G.24.3.4	KURRIKULUM : SPORTWETENSKAP	28
G.24.4	PROGRAM : FISOLOGIE.....	29
G.24.4.1.4	KURRIKULUM G623P : FISOLOGIE	31
G.24.5	PROGRAM : PSIGOLOGIE.....	31
G.24.5.2.2	KURRIKULUM G626P : PSIGOLOGIE	33
G.24.6	PROGRAM : VOEDING.....	33
G.24.6.1.3	KURRIKULUM G625P : VOEDING.....	34
G.25	REËLS VIR DIE GRAAD HONNEURS BACCALAUREUS VERBRUIKERSWETENSKAPPE	35
G.25.2	ALGEMENE TOELATINGSVEREISTES	35
G.25.3	PROGRAM : VERBRUIKERSWETENSKAPPE	35
G.25.3.1.4	KURRIKULUM G630P : VERBRUIKERSWETENSKAPPE	36

G.26	RULES FOR THE DEGREE HONOURS BACCALAUREUS SCIENTIAE IN PHARMACOLOGY - TELEMATIC.....	37
G.26.2	GENERAL ADMISSION REQUIREMENTS	37
G.26.3	PROGRAMME : PHARMACOLOGY	37
G.26.3.2	CURRICULUM : PHARMACOLOGY	38
G.27	REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER ARTIUM.....	40
G.27.1	NAVORSINGSFOKUSAREA	40
G.27.3	ALGEMENE TOELATINGSVEREISTES	40
G.27.4	PROGRAM : MENSLIKE BEWEGINGSKUNDE	40
G.27.4.2.4	KURRIKULUM G801P : VERHANDELING.....	42
G.27.4.2.5	KURRIKULUM G802P : KINDERKINETIKA	42
G.27.4.2.6	KURRIKULUM G806P : BIOKINETIKA.....	42
G.27.4.2.7	KURRIKULUM G807P : SPORTWETENSKAP	42
G.27.5	PROGRAM : PSIGOLOGIE.....	42
G.27.5.2	KURRIKULUM : KLINIESE PSIGOLOGIE (GESTRUKTUREERDE KURRIKULUM)	43
G.27.5.3	KURRIKULUM : VOORLIGTINGPSIGOLOGIE (GESTRUKTUREERDE KURRIKULUM).....	44
G.27.5.4	KURRIKULUM : PSIGOLOGIE	45
G.27.6	PROGRAM : REKREASIEKUNDE	45
G.27.6.2	KURRIKULUM : REKREASIEKUNDE	45
G.28	REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER ARTIUM (MAATSKAPLIKE WERK).....	47
G.28.1	NAVORSINGSFOKUSAREA	47
G.28.3	ALGEMENE TOELATINGSVEREISTES	47
G.28.4	PROGRAM : MAATSKAPLIKE WERK.....	47
G.28.4.2	KURRIKULUM : MAATSKAPLIKE WERK	48
G.28.4.2.4	KURRIKULUM G820P : MAATSKAPLIKE WERK (VERHANDELING)	50
G.28.4.2.5	KURRIKULUM G821P : MAATSKAPLIKE WERK (GEDOSEERDE M.A.).....	50
G.28.4.2.6	KURRIKULUM G822P : MAATSKAPLIKE WERK (GEDOSEERDE M.A.).....	50
G.28.4.2.7	KURRIKULUM G823P. MAATSKAPLIKE WERK IN FORENSIESE PRAKTYK.....	51

G.29	REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER CURATIONIS.....	52
G.29.1	NAVORSINGSFOKUSAREA, PROGRAMME EN VERWAGTE UITKOMSTE	52
G.29.3	ALGEMENE TOELATINGSVEREISTES	53
G.29.4	PROGRAM : NAVORSINGSMEESTERSGRAAD : (VERHANDELING).....	53
G.29.4.3	KURRIKULUM : GEMEENSKAPSVERPLEEGKUNDE.....	55
G.29.4.4	KURRIKULUM : GESONDHEIDSDIENSBESTUUR.....	55
G.29.4.5	KURRIKULUM : GESONDHEIDSWETENSKAPONDERWYS.....	56
G.29.4.6	KURRIKULUM: PROFESSIONELE VERPLEEGKUNDE	56
G.29.4.7	KURRIKULUM : VERPLEEGKUNDE	57
G.29.5	PROGRAM : GESTRUKTUREERDE MEESTERSGRAAD (SKRIPSIE).....	57
G.29.5.2	KURRIKULUM : PSIGIATRIESE GEMEENSKAPSVERPLEEGKUNDE.....	58
G.29.5.3	KURRIKULUM : VERLOSKUNDE EN NEONATOLOGIESE VERPLEEGKUNDE	60
G.30	REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER PHARMACIAE.....	63
G.30.1	NAVORSINGSGROEP, PROGRAMME EN DOEL.....	63
G.30.3	ALGEMENE TOELATINGSVEREISTES	63
G.30.4	PROGRAM : FARMASIE	64
G.30.4.2	KURRIKULUM : FARMASIEPRAKTYK	64
G.30.4.3	KURRIKULUM : GEMEENSKAPSFARMASIE	65
G.30.4.4	KURRIKULUM : KLINIESE FARMASIE.....	66
G.30.4.5	KURRIKULUM : HOSPITAALFARMASIE	67
G.31	REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER SCIENTIAE.....	69
G.31.1	NAVORSINGSFOKUSAREA EN PROGRAMME	69
G.31.2.1	ALGEMENE TOELATINGSVEREISTES	70
G.31.3	PROGRAM : BEROEPSHIGIËNE.....	70
G.31.3.2	KURRIKULUM : BEROEPSHIGIËNE	70
G.31.4	PROGRAM : BIOCHEMIE	71
G.31.4.2	KURRIKULUM : BIOCHEMIE	71
G.31.4.2.5	KURRIKULUM : G873P : BIOCHEMIE (SKRIPSIE).....	72
G.31.5	PROGRAM : DIEETKUNDE	72
G.31.5.2	KURRIKULUM : DIEETKUNDE	72
G.31.6	PROGRAM : FARMASIE	74

G.31.6.2	KURRIKULUM : FARMASEUTIESE CHEMIE	75
G.31.6.3	KURRIKULUM : FARMAKOLOGIE.....	75
G.31.6.4	KURRIKULUM : FARMASEUTIKA	76
G.31.7	PROGRAM : FISIOLOGIE.....	76
G.31.7.2	KURRIKULUM : FISIOLOGIE	77
G.31.8	PROGRAM : MENSLIKE BEWEGINGSKUNDE	77
G.31.8.2	KURRIKULUM : MENSLIKE BEWEGINGSKUNDE	78
G.31.8.2.4	KURRIKULUM G856P : VERHANDELING.....	78
G.31.8.3	KURRIKULUM G857P : KINDERKINETIKA	78
G.31.8.5	KURRIKULUM G861P : BIOKINETIKA.....	79
G.31.8.6	KURRIKULUM G862P : SPORTWETENSKAP	79
G.31.9	PROGRAM : PSIGOLOGIE.....	79
G.31.9.2	KURRIKULUM : KLINIESE PSIGOLOGIE (GESTRUKTUREERDE KURRIKULUM)	80
G.31.9.3	KURRIKULUM: VOORLIGTINGPSIGOLOGIE (GESTRUKTUREERDE KURRIKULUM).....	80
G.31.9.4	KURRIKULUM : PSIGOLOGIE	82
G.31.10	PROGRAM : VOEDING.....	82
G.31.10.2	KURRIKULUM : VOEDING.....	83
G.32	REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER VERBRUIKERS-WETENSKAPPE.....	84
G.32.1	NAVORSINGSFOKUSAREA EN PROGRAMME	84
G.32.3	ALGEMENE TOELATINGSVEREISTES	84
G.32.4	PROGRAM : VERBRUIKERSWETENSKAPPE	84
G.32.4.2	KURRIKULUM : VERBRUIKERSWETENSKAPPE	85
G.33	REËLS VIR DIE GRAAD PHILOSOPHIAE DOCTOR	86
G.33.2	DUUR VAN DIE STUDIE	87
G.33.3	ALGEMENE TOELATINGSVEREISTES	88
G.33.4	PROGRAM : BEROEPSHIGIËNE.....	88
G.33.6	PROGRAM : DIEETKUNDE.....	89
G.33.7	PROGRAM : FARMASIE	90
G.33.7.2.4	KURRIKULUM G910P : FARMASEUTIESE CHEMIE.....	92
G.33.7.2.5	KURRIKULUM G911P : FARMASEUTIKA	92
G.33.7.2.6	KURRIKULUM G912P : FARMAKOLOGIE	92
G.33.7.2.7	KURRIKULUM G913P : FARMASIEPRAKTYK.....	92
G.33.8	PROGRAM : FISIOLOGIE.....	92

G.33.9	PROGRAM : MAATSKAPLIKE WERK.....	93
G.33.10	PROGRAM : MENSLIKE BEWEGINGSKUNDE	94
G.33.11	PROGRAM : PSIGOLOGIE.....	95
G.33.12	PROGRAM : REKREASIEKUNDE	95
G.33.13	PROGRAM : VERBRUIKERSWETENSKAPPE	96
G.33.14	PROGRAM : VERPLEEGKUNDE.....	97
G.33.14.2.3	KURRIKULUM G950P : GEMEENSKAPSVERPLEEGKUNDE.....	98
G.33.14.2.4	KURRIKULUM G951P : GESONDHEIDSDIENSBESTUUR	98
G.33.14.2.5	KURRIKULUM G952P : GESONDHEIDSWETENSKAPONDERWYS.....	99
G.33.14.2.6	KURRIKULUM G953P : PROFESSIONELE VERPLEEGKUNDE.....	99
G.33.14.2.7	KURRIKULUM G954P : PSIGIATRIESE GEMEENSKAPSVERPLEEGKUNDE.....	99
G.33.14.2.8	KURRIKULUM G955P : VERLOSKUNDE EN NEONATOLOGIESE VERPLEEGKUNDE	100
G.33.14.2.9	KURRIKULUM G956P : VERPLEEGKUNDE	100
G.33.15	PROGRAM : VOEDING.....	100
G.33.16	EKSAMINERING	101
G.33.17	TERMINERING VAN DIE STUDIE	101
G.34	RULES FOR THE POST-GRADUATE DIPLOMA IN MIDWIFERY AND NEONATAL NURSING SCIENCE	102
G.34.1	DURATION OF STUDY	102
G.34.2	ADMISSION REQUIREMENTS.....	102
G.34.3	PROGRAMME OUTCOMES	102
G.34.4	ARTICULATION POSSIBILITIES	102
G.34.5	LIST OF MODULES	103

FAKULTEIT GESONDHEIDSWETENSAPPE: AMPSDRAERS

DEKAAN

Prof. H.A. Koeleman, B.Sc. Pharm. (PU vir CHO), Hons. B.Sc. (PU vir CHO), M.Sc. (PU vir CHO), D.Sc. (Farm) (PU vir CHO), App.Biophrm I,II (Univ. Cincinnati).

NAVORSINGSFOKUSAREAS

Geneesmiddelinavorsing en Ontwikkeling

Direkteur: Prof. J. Du Plessis, B.Pharm. (PU vir CHO), M.Sc. (PU vir CHO), Ph.D. (PU vir CHO), Diploma in Tertiary Education (PU vir CHO).

Voorkomende en Terapeutiese Intervensie

Direkteur: Prof. H.H. Vorster, B.Sc. (PU vir CHO), Hons. B.Sc. (PU vir CHO), M.Sc. (PU vir CHO), D.Sc. (PU vir CHO).

Professionele dienste:

Direkteur: Prof. A.J. Thomas, Dipl. Farm. (Pta Tech.), M. Pharm. (UP), D. Pharm. (UP).

ADMINISTRATIEWE BESTUURDER

Mev. C. Monteith, B.Sc. (PU vir CHO), UOD (PU vir CHO).

SKOOL VIR BIOKINETIKA, REKREASIE EN SPORTWETENSKAP

Direkteur: Prof. D.D.J. Malan, B.Sc. (PU vir CHO), Hons. B.Sc. (PU vir CHO), M.Sc. (PU vir CHO), D.Sc. (PU vir CHO).

Instituut vir Biokinetika:

Hoof: Prof. D.D.J. Malan, B.Sc. (PU vir CHO), Hons. B.Sc. (PU vir CHO), M.Sc. (PU vir CHO), D.Sc. (PU vir CHO).

Instituut vir Sportwetenskap en Ontwikkeling:

Hoof: Prof. D.D.J. Malan, B.Sc. (PU vir CHO), Hons. B.Sc. (PU vir CHO), M.Sc. (PU vir CHO), D.Sc. (PU vir CHO).

Vakgroepvoorsitters

Biokinetika:

Dr. C.J. Wilders, B.Juris (PU vir CHO), Hons. B.A. (PU vir CHO), M.A. (PU vir CHO), Ph.D. (PU vir CHO).

Kinderkinetika:

Prof. A.E. Pienaar, B.A. (PU vir CHO), HOD (PU vir CHO), Hons. B.A. (PU vir CHO), M.A. (PU vir CHO), Ph.D. (PU vir CHO).

Rekreasie:

Dr. C. duP. Meyer, B.A. (UOVS), HOD (UOVS), Hons. B.A. (Stel.), M.A. (PU vir CHO), Ph.D. (PU vir CHO).

Sportwetenskap:

Prof. D.D.J. Malan, B.Sc. (PU vir CHO), Hons. B.Sc. (PU vir CHO), M.Sc. (PU vir CHO), D.Sc. (PU vir CHO).

SKOOL VIR FARMASIE

Direkteur: : Prof. D.W. Oliver, B.Pharm. (PU vir CHO), Hons. B.Sc. (PU vir CHO), M. Pharm. (PU vir CHO), D.Sc. (PU vir CHO), Ph.D. (PU vir CHO).

Navorsingsinstituut vir Industriële Farmasie

Hoof: Dr. E Swanepoel, B. Pharm. (PU vir CHO), M.Sc. (Farmaseutika) (PU vir CHO), Ph. D. (Farmaseutika) (PU vir CHO).

Sentrum vir Kwaliteitsversekering van Medisyne (CENQAM)

Hoof: Prof. B. Boneschans, B.Sc.(Pharm) (PU vir CHO), M.Sc. (PU vir CHO), D.Sc.(Farmaseutika) (PU vir CHO).

Vakgroepvoorsitters**Farmakologie:**

Dr. L. Brand, B. Pharm. (PU vir CHO), M.Sc. (Farmakol.) (PU vir CHO), Ph. D. (PU vir CHO).

Farmaseutika:

Dr. A.F. Marais, B. Pharm (PU vir CHO), M.Sc (Farm) (PU vir CHO), Ph.D (Farm) (PU vir CHO)

Farmaseutiese Chemie:

Prof. J.J. Bergh, B.Sc. (US), B.Sc.(Pharm) (PU vir CHO), Hons. B.Sc. (PU vir CHO), M.Sc. (PU vir CHO), D.Sc. (Farm Chemie) (PU vir CHO).

Farmasiepraktyk:

Prof. M.S.Lubbe, B.Pharm (PU vir CHO), M.Pharm (Farmasiepraktyk) (PU vir CHO), Ph.D. (PU vir CHO).

Farmaseutiese en Terapeutiese Sorg:

Prof. J.J. Gerber, B.Sc. (Pharm.) (PU vir CHO), Hons. B.Sc. (Farmakologie) (PU vir CHO), Hons. B. Sc. (Indus. Farm) (PU vir CHO), M.Sc.(Indus. Farm) (PU vir CHO), D. Sc. (Farm.) (PU vir CHO).

SKOOL VIR FISILOGIE, VOEDING EN VERBRUIKERSWETENSKAPPE

Direkteur: Prof. N.T. Malan, B.Sc.(UOVS), Hons. B.Sc. (UOVS), M.Sc. (UOVS), D.Sc. (PU vir CHO).

Vakgroepvoorsitters**Fisiologie:**

Prof. J.M. van Rooyen, B.Sc. (PU vir CHO), Hons. B.Sc. (Bedryfsfisiologie), M.Sc. (PU vir CHO), D.Sc. (PU vir CHO).

Verbruikerswetenskappe:

Dr E.L. Kempen, B.Sc. Huishoudkunde (PU vir CHO), Hons. B.Sc. Huish. (Binneontwerp) (PU vir CHO), M.Huish. (Binneontwerp) (PU vir CHO), Ph.D (Filosofie) (Univ. of Liverpool, UK).

Voeding:

Dr. S.M. Hanekom, RD(SA), B.Sc. (PU vir CHO), Na Dipl. Hosp. Dieetk. (UOVS), Hons. B.Sc. (Dieetk.) (PU vir CHO), M.Sc. (PU vir CHO), Ph.D. (PU vir CHO).

SKOOL VIR PSIGO-SOSIALE GEDRAGSWETENSKAPPE

Direkteur: Prof. M.P. Wissing, B.A. (PU vir CHO), Hons. B.A. (PU vir CHO), M.A. (PU vir CHO), Drs. (Klin.Psig.) (VU, A'dam), D.Phil. (PU vir CHO).

Instituut vir Psigoterapie en Voorligting

Hoof: Prof. W.F. du Plessis, B.A. (PU vir CHO), Hons. B.A. (PU vir CHO), M.A. (PU vir CHO), D. Phil. (PU vir CHO).

Vakgroepvoorsitters**Psigologie:**

Mnr M Temane, BA(UNW), Hons. BA (UNW), M.Soc.Sc (UNIBO).

Maatskaplike Werk:

Prof. H. Strydom, B.A. (MW) (UPE), Hons. B.A. (MW) (UPE), M.A. (MW) (UP), D.Phil. (UP).

SKOOL VIR VERPLEEGKUNDE

Direkteur: Prof. H Klopper, BA Cur (UNISA), M.Cur (RAU), D.Cur (RAU), MBA (Luton, UK), Diploma Algemene Verpleegkunde, Verloskunde en Psigiatrie.

Vakgroepvoorsitter**Anatomie:**

Mej. B. Scrooby, B.Cur. (RAU), M. Cur. (Gemeenskapsverpleegkunde) (RAU).

Programleiers:

B.Cur. program: Mev. Engela Du Plessis, Hons. B.Soc. Sc. (Verpl.) (UOVS), B.A. Cur. (UNISA), M.A. (Verpleegkunde) (PU vir CHO).

Telematiese Program: Prof. M.P. Koen, B.A. Cur. (UNISA: Gemeenskapsverpleegkunde en Verpleegonderwys), M. Cur. (Prof. Verpl.) (RAU), M.A. (Psigiatriese Verpleegkunde) (PU vir CHO), D. Cur. (Prof. Verpl.) (RAU), Dipl. Alg. Verpl., Dipl. Psig. Verpl., Dipl. Gevorderde Verpl., Dipl. Verpleegbestuur.

Nagraadse programme: Mev. Emmerentia du Plessis, B.Cur. (RAU), M.A. (Psigiatriese Gemeenskapsverpleegkunde) (PU vir CHO) Dipl. Gesondheidwetenskaponderwys (PU vir CHO).

FAKULTEITSRAAD GESONDHEIDSWETENSKAPPE

Voorsitter: Prof. H..A. Koeleman (Dekaan)

Ondervoorsitter: Prof. N.T. Malan

Sekretaris: Mev. C. Monteith (Administratiewe bestuurder)

Akademiese Raad (SR) (2)	Malan, D.D.J. (Prof.)
Bergh, J.J. (Prof.)	Malan, N.T. (Prof.)
Brand, L. (Dr.)	Marais, A.F. (Dr.)
De Ridder, J.H. (Prof.)	Meyer, C du P. (Dr.)
Du Plessis, Engela (Mev.)	Oliver, D.W. (Prof.)
Du Plessis, Emmerentia (Mev.)	Rankin P. (Dr.)
Du Plessis, J. (Prof.)	Strydom, H. (Prof.)
Du Plessis, W.F. (Prof.)	Theron, P.D. (Prof.)
Gerber, J.J. (Prof.)	Thomas, A.J. (Prof.)
Hanekom, S.M. (Dr.)	Van Rooyen, JM (Prof)
Kempen, E.L. (Dr.)	Venter, C.S. (Prof.)
Klopper, H. (Prof)	Vorster, H.H. (Prof.)
Koen, M.P. (Prof.)	Wissing, M.P. (Prof.)
Kotzé, H. (Prof.)	
Lubbe, M.S. (Prof.)	

G.20 REÛLS VIR DIE ONDERSKEIE KWALIFIKASIES

G.20.1 GESAG VAN DIE DIE A-REÛLS

Die Fakulteitsreëls, wat ten aansien van die verskillende programme van hierdie Fakulteit geld en in hierdie Fakulteitsjaarboek opgeneem is, is onderhewig aan die Algemene Akademiese Reëls van die Universiteit, soos dit van tyd tot tyd deur die Raad van die Universiteit op aanbeveling van die Senaat vasgestel word, en moet dus met daardie Algemene Akademiese Reëls saamgelees word.

Die Algemene Akademiese Reëls verskyn op die Universiteit se Tuisblad <http://www.puk.ac.za> onder "Algemeen"/"Algemene Jaarboek"/ "Reëls", en gedrukte eksemplare daarvan kan in die Ferdinand Postma-biblioteek en by die Direkteur: Akademiese Administrasie geraadpleeg word.

G.20.2 FAKULTEITSREÛLS

Die Fakulteitsreëls ten opsigte van die verskillende programme wat in hierdie Fakulteit aangebied word, na gelang van die taal waarin 'n spesifieke program aangebied word, word hierin in daardie taal weergegee. Waar 'n program in sowel Afrikaans en Engels aangebied word, word die reëls ook in albei tale weergegee.

G.20.3 NAVORSINGFOKUSAREAS, SKOLE EN VAKGROEPE IN DIE FAKULTEIT GESONDHEIDSWETENSKAPPE

Navorsing en opleiding in magister- en doktorsale studie van die vyf skole in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe, word gestruktureer in twee navorsingfokusareas, te wete 9.1 en 9.2. Aan die hoof van elke fokusarea staan 'n navorsingsdirekteur. Hulle word bygestaan deur die direkteure van skole en personeel in die onderskeie vakgroepe.

Die vakgroepe Farmaseutiese en Terapeutiese Sorg en Farmasiepraktyk doen navorsing in die Bestuurde farmaseutiese sorg en farmako-ekonomie navorsingsgroep. Die vakgroep Biochemie in die Skool vir Chemie en Biochemie wat in die Fakulteit Natuurwetenskappe gesetel is, doen ook navorsing in beide fokusareas van die Fakulteit Gesondheidswetenskappe.

Die verband en struktuur van die fokusareas, skole en vakgroepe in die Fakulteit is soos volg:

FOKUSAREA	SKOOL	VAKGROEP/INSTITUUT
9.1 VOORKOMENDE EN TERAPEUTIESE INTER-VENSIE	Skool vir Biokinetika, Rekreasie en Sportwetenskap	* Menslike Bewegingskunde * Rekreasiekunde * Instituut vir Biokinetika * Instituut vir Sportwetenskap en Ontwikkeling
	Skool vir Fisiologie, Voeding en Verbruikerswetenskappe	* Fisiologie * Verbruikerswetenskappe * Voeding * Lipiedkliniek

FOKUSAREA	SKOOL	VAKGROEP/INSTITUUT
	Skool vir Psigo-Sosiale Gedragwetenskappe	* Maatskaplike Werk * Psigologie * Instituut vir Psigoterapie en Voorligting
	Skool vir Verpleegkunde	* Algemene Verpleegkunde * Verloskunde en Neonatologiese Verpleegkunde * Psigiatrisiese Verpleegkunde * Gemeenskapsverpleegkunde * Gesondheidswetenskap-onderwys * Gesondheidsdiensbestuur
9.2 GENEESMIDDELNAVORSING EN –ONTWIKKELING	Skool vir Farmasie	* Farmakologie * Farmaseutiese Chemie * Farmaseutika * CENQAM * Navorsingsinstituut vir Industriële Farmasie
	Skool vir Farmasie Bestuurde farmaseutiese sorg en farmako-ekonomie navorsingsgroep	* Farmaseutiese en Terapeutiese sorg * Farmasiepraktyk
	Skool vir Chemie en Biochemie	* Biochemie

G.20.4 KVALIFIKASIES, PROGRAMME EN KURRIKULUMS

In die Fakulteit Gesondheidswetenskappe kan verskillende kwalifikasies verwerf word. 'n Kwalifikasie word in een of meer programme aangebied en in elke program is daar weer een of meer kurrikulums wat uit 'n aantal voorgeskrewe modules bestaan. Inligting oor die reëls vir die verskillende kwalifikasies, programme en kurrikulums word in hierdie Jaarboek uiteengesit.

Die Universiteit is bevoeg om in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe die volgende grade toe te ken:

LYS VAN KWALIFIKASIES, PROGRAMME EN KURRIKULUMS WAT IN DIE FAKULTEIT GESONDHEIDSWETENSAPPE AANGEBIED WORD

KWALIFIKASIE	AFKORTING	PROGRAM	KURRIKULUMS	KWALIFIKASIE/ KURRIKULUM- KODES
HONNEURSGRADE				
Honneurs Baccalaureus Artium	Hons B.A.	Menslike Bewegingskunde	*Kinderkinetika *Biokinetika *Sportwetenskap	102160 (V + D) G601P G602P G603P
Honneurs Baccalaureus Artium	Hons BA	Psigologie	Psigologie	102162 (V + D) G637P
Honneurs Baccalaureus Artium	Hons BA	Rekreasielkunde	Rekreasielkunde Rekreasielkunde en Toerismebestuur	102161 (V + D) G605P G606P
Honneurs Baccalaureus Artium (Maatskaplike Werk)	Hons. B.A. (MW)	Maatskaplike Werk	*Maatskaplike Werk (Voltyds) *Maatskaplike Werk (Deeltyds)	112103 (V + D) G610P G611P
Honours Baccalaureus Pharmaciae	Hons. B. Pharm.	Pharmacy (Telematic)	*Community Pharmacy *Hospital Pharmacy	808100 (T) G615T G616T
Honneurs Baccalaureus Scientiae	Hons. B.Sc.	Menslike Bewegingskunde	*Kinderkinetika *Biokinetika *Sportwetenskap	202130 (V + D) G620P G621P G622P
Honneurs Baccalaureus Scientiae	Hons. B.Sc	Fisiologie	Fisiologie	202131 (V + D) G623P
Honneurs Baccalaureus Scientiae	Hons. B.Sc	Psigologie	Psigologie	202133 (V + D) G626P
Honneurs Baccalaureus Scientiae	Hons B.Sc	Voeding	Voeding	202132 (V + D) G625P

Kwalifikasie	Afkorting	Rigting	Programme	Kwalifikasie/ Programkodes
Honneurs Baccalaureus Verbruikerswetenskappe	Hons. B. Verbr.	Verbruikers- wetenskappe	*Verbruikers- wetenskappe	835100 (V + D) G630P
Honours Bacalaureus Scientiae in Pharmacology	Hons. B.Sc. Pharm.	Pharmacology (Telematic)	*Pharmacology	840100 (T) G640T
MAGISTERGRADE				
Magister Artium	M.A.	Menslike Bewe- gingskunde	*Verhandeling *Kinderkinetika *Biokinetika *Sportwetenskap	103180 (V + D) G801P G802P G806P G807P
Magister Artium	M.A.	Psigologie	*Kliniese Psigo- logie (Gestruk- tureerd) *Voorligtingspsigo- logie (Gestruk- tureerd) *Psigologie	103181 (V + D) G810P G811P G812P
Magister Artium	M.A.	Rekreasiekunde	Rekreasiekunde	103182 (V + D) G815P
Magister Artium (Maatskaplike Werk)	M.A. (MW)	Maatskaplike Werk	*Maatskaplike Werk (Verhande- ling) *Maatskaplike Werk Gedoseerd) *Maatskaplike Werk in Forensiese Praktyk	113104 (NB-V) 113104 (NB-D) 113106 (NH-V) 113106 (NH-D) G820P G821P G824P G823P

Kwalifikasie	Afkorting	Rigting	Programme	Kwalifikasie/ Programkodes
Magister Curationis	M. Cur.	Verpleegkunde (Navorsings- meestersgraad)	*Gemeenskaps- verpleegkunde *Gesondheids- diensbestuur *Gesondheids- wetenskaponder- wys *Professionele verpleegkunde * Verpleegkunde	833 100 (V + D) G830P G831P G832P G833P G836P
		Verpleegkunde (Gestruktureer- de meesters- graad)	*Psigiatryse Gemeenskaps- verpleegkunde *Verloskunde en Neonatologiese verpleegkunde	G834P G835P
Magister Pharmaciae	M.Pharm.	Farmasie	*Farmasiepraktyk	803104 (V) 803104 (D) G840P 803 104 (D)
		Farmasie (Telematies)	*Gemeenskaps- farmasie *Kliniese Farmasie *Hospitaalfarmasie	G841T G842T G843T
Magister Scientiae	M.Sc.	Beroepshigiëne	Beroepshigiëne	203160 (NH) (V+D) G850P
Magister Scientiae	M.Sc.	Biochemie	Biochemie	203167 (NH) (V + D) 203175 (NB) (V + D) G872P
Magister Scientiae	M.Sc.	Dieetkunde	Dieetkunde (Skripsie) Dieetkunde (Verhandeling) Dieetkunde (Skripsie)	203161 NH) V G851P G875P 203169 (NB) V G851P

KWALIFIKASIE	AFKORTING	PROGRAM	KURRIKULUMS	GRAAD/ KURRIKULUM- KODES
MAGISTERGRADE				
Magister Scientiae	M.Sc.	Farmasie	Farmaseutiese Chemie Farmakologie Farmaseutika	203162 (NH) (V + D) 203170 (NB) (V + D) G852P G853P G854P
Magister Scientiae	M.Sc.	Fisiologie	Fisiologie	203163 (NH) (V + D) 203171 (NB) (V + D) G855P
Magister Scientiae	M.Sc.	Menslike Bewegingskunde	Verhandeling Kinderkinetika Biokinetika Sportwetenskap	203164 (NH) (V + D) 203172 (NB) (V + D) G856P G857P G861P G862P
Magister Scientiae	M.Sc.	Psigologie	Kliniese Psigologie (Gestruktureerd) Voorligtingspsigologie (Gestruktureerd) Psigologie	203165 (NH) (V + D) 203173 (NB) (V + D) G865P G866P G867P
Magister Scientiae	M.Sc.	Voeding	Voeding (Skripsie) Voeding (Verhandeling)	203166 (NH) (V + D) 203174 (NB) (V + D) G870P G871P
Magister Verbruikerswetenskappe	M. Verbr.	Verbruikerswetenskappe	*Verbruikerswetenskap (Verhandeling) *Verbruikerswetenskap (Skripsie)	836100 (V + D) G880P G881P
DOKTORSGRADE				
Philosophiae Doctor	Ph.D.	Beroepshigiëne	Beroepshigiëne	805104 (V + D) G901P
Philosophiae Doctor	Ph.D.	Biochemie	Biochemie	805115 (V) G961P

KWALIFIKASIE	AFKORTING	PROGRAM	KURRIKULUMS	GRAAD/ KURRIKULUM- KODES
Philosophiae Doctor	Ph.D	Dieetkunde	Dieetkunde	805105 (V + D) G905P
Philosophiae Doctor	Ph.D	Farmasie	Farmaseutiese Chemie Farmaseutika Farmakologie Farmasiepraktyk	805106 (V + D) G910P G911P G912P G913P
Philosophiae Doctor	Ph.D.	Fisiologie	Fisiologie	805107 (V + D) G915P
Philosophiae Doctor	Ph.D	Maatskaplike Werk	Maatskaplike Werk	805108 (V + D) G920P
Philosophiae Doctor	Ph.D	Menslike Bewe- gingskunde	Menslike Bewe- gingskunde	805109 (V + D) G925P
Philosophiae Doctor	Ph.D	Psigologie	Psigologie	805110 (V + D) G930P
Philosophiae Doctor	Ph.D	Rekreasiekunde	Rekreasiekunde	805111 (V + D) G935P
Philosophiae Doctor	Ph.D	Verbruikers- wetenskappe	Verbruikers- wetenskappe	805112 (V + D) G940P

Kwalifikasie	Afkorting	Rigting	Programme	Kwalifikasie/ Programkodes
Philosophiae Doctor	Ph.D	Verpleegkunde	Gemeenskaps- verpleegkunde Gesondheids- diensbestuur Gesondheidswe- tenskapsonderwys Professionele Verpleegkunde Psigiatriese Gemeenskaps- verpleegkunde Verloskunde en Neonatologiese verpleegkunde Verpleegkunde	805113 (V + D) G950P G951P G952P G953P G954P G955P G956P
Philosophiae Doctor	Ph.D.	Voeding	Voeding	805114 (V + D) G960P
Post-graduate diploma				
Postgraduate Diploma in Midwifery and Neonatal Nursing Science	PGDMN	Nursing science	Midwifery and Neonatal Nursing Science	844 100 (V + D)

G.20.5 MODULES EN KREDIETE

Vakke word aangebied volgens modules waaraan bepaalde kredietwaardes toegeken is.

Modules het 'n kode en 'n beskrywende naam, byvoorbeeld MBGB111 waarvan die betekenis van die syferkodes in Algemene reël A.1.38 verklaar is.

Modules dra elkeen 'n bepaalde "gewig" bekend as 'n kredietpunt (Algemene reël A.1.29).

G.20.6 ERKENNING VAN VORIGE LEER

Die Noordwes Universiteit aanvaar die beginsel onderliggend aan uitkomsgerigte, brongebaseerde en lewenslange leer, waarin oorwegings van artikulasie en mobiliteit 'n betekenisvolle rol speel, en onderskryf die siening dat erkenning van vorige leer, hetsy dit in formele onderrigprogramme by hierdie of 'n ander instelling, of informeel (deur ervaring) opgedoen is, onontbeerlike element by die besluit oor toelating tot en kredietverlening met die oog op plasing binne 'n uitdruklik gekose onderrigleerprogram van die Universiteit uitmaak.

By die erkenning van vorige leer handel dit oor die bewysbare kennis en leer wat 'n aansoeker opgedoen het, hetsy deur formele onderrigprogramme te deurloop, of deur ervaring. Te alle tye sal die vraag wees watter vlak van vaardigheid, beoordeel in die konteks van die uittreevlakvaardighede wat vereis word vir die beoogde onderrigleerprogram of modules daarinne, of status waarvoor die aansoeker aansoek doen, en nie bloot om die ervaring wat 'n aansoeker kan boekstaaf nie. Erkenning van vorige leer geskied dus in terme van die toegepaste bevoegdhede wat die aansoeker in die aansoek gedemonstreer het, met inagneming van die uittree-uitkomst wat met die gekose onderrigleerprogram bereik moet word.

Die Noordwes Universiteit aanvaar dat die erkenning van vorige leer binne die normale, bestaande beleid oor die toelating van kredietverlening aan voornemende of bestaande leerder – hetsy van hierdie of 'n ander instelling – op 'n geldige, betroubare en billike wyse kan en moet geskied.

Vir die hantering van 'n aansoek om erkenning van vorige leer is daar 'n nie-terugbetaalbare administratiewe fooi wat van tyd tot tyd deur die Universiteit bepaal word, betaalbaar.

Die proses vir erkenning van vorige leer is in Algemene reël A.1.15 gestel.

G.20.7 REGISTRASIE

Registrasie is die voorgeskrewe voltooide proses wat 'n leerder deurloop het om as leerder van die Universiteit te registreer (Algemene reëls A.1.45 en A.5).

G.20.8 REGISTRASIE VIR BYKOMENDE MODULES

'n Leerder kan in enige studiejaar, benewens die vereiste modules van die betrokke program/kurrikulum, bykomende modules neem ooreenkomstig die bepalings in Algemene reëls A.1.3 en A.5.8.

G.20.9 EKSAMINERING - HONNEURS-GRADE

G.20.9.1 Eksamengeleenthede

Die eksamengeleenthede en verbandhoudende reëls geskied in ooreenstemming met Algemene reël A.8.1.

G.20.9.2 Samestelling van die deelnamepunt

'n Deelnamepunt vir 'n module (Algemene reëls A.1.5) kan saamgestel word uit toetse, werkstukke en ander vorme van evaluering.

G.20.9.3 Toelating tot die eksamen

- a) Toelating tot die eksamen in enige module geskied deur die verwerwing van 'n deelnamebewys (Algemene reëls A.1.4 en A.8.6).
- b) 'n Deelnamebewys, wat toelating tot die eksamen verleen, sal slegs uitgereik word nadat 'n leerder tot die bevrediging van die skooldirekteur, in oorleg met die betrokke vakgroepvoorsitter, voldoen het aan die vereistes daarvoor wat in die studiegids/handleiding/vakgroeppamflet vir die betrokke module uiteengesit is.

G.20.9.4 Modulepunt

Die modulepunt (Algemene reëls A.1.39) word bereken in die verhouding tussen die deelnamepunt en die eksamenpunt soos aangegee is in die studiegids/handleiding/vakgroepamflet.

G.20.9.5 Slaagvereistes van 'n module en kurrikulum

- a) Die bepalings van Algemene reëls A.8.7 is van toepassing.
- b) Die subminimum vir alle modules waarin eksamen geskryf is, is 40% (Algemene reël A.8.7.5).
- c) Die slaagvereiste vir 'n module waarin eksamens geskryf is, is 'n modulepunt van 50% (Algemene reël A.8.7.1).
- d) 'n Program word geslaag deur al die modules waaruit die kurrikulum saamgestel is afsonderlik te slaag (Algemene reël A.8.5).
- e) Algemene reëls A.8.7.9 en A.8.7.10 reël die vereistes om 'n module of 'n kurrikulum met onderskeiding te slaag.

G.20.9.6 Herhaling van modules

Enmalige herhaling van modules wat nie geslaag is nie, geskied volgens die bepalings van Algemene Reël A.8.

G.20.9.7 TERMINERING VAN STUDIE

'n Leerder se studie kan getermineer word op grond van die bepalings in Algemene reël A.9.

G.20.10 EXAMINATION (ASSESSMENT) - HONNOURS**G.20.10.1 Examination Occasions**

Examination occasions and other relevant rules takes place in accordance with General Rule A.8.1.

G.20.10.2 Participation mark

For each module a participation mark may be compiled from assessing assignments and any other work which must be completed to the satisfaction of the Faculty Board according to the stipulations in General rules A.1.4.

G.20.10.3 Admission to the examination

- a) Admission to the examination in any module is obtained through proof of participation, sanctioned by the Director of the School, confirming that the learner has meet the requirements for admission to the examination.
- b) Where applicable, learners must achieve a participation mark of at least 40% in each module in order to be admitted to the final evaluation during the examination period.

G.20.10.4 Module mark

- a) The module mark is calculated from the mark achieved in the examination and, where applicable, from the participation mark on condition that the

latter may not contribute less than 40% and not more than 70% to the module mark (General rule A.8.8).

- b) As a general rule a ratio of 3:2 (participation mark : examination mark) is used to determine the module mark for modules 1 to 8, while a ratio of 1:1 is used for modules 9 to 12 and a ratio of 2:3 is used for module 13.

G.20.10.5 Passing requirements for modules and the curriculum

- a) The final evaluation (examination) in each module consists of a single written paper or the equivalent oral evaluation in accordance with General rules A.8.7.
- b) The subminimum examination mark for modules in which a formal examination was set must be at least 40% (General rule A.8.7.5).
- c) A subminimum mark of 40% applies to each assessment for each module, including assignments, moderated group discussion forums, examination papers and oral evaluations.
- d) A module is passed if the learner achieved a module mark of at least 50% in the final evaluation (General rule A.8.7).
- e) A curriculum is passed if all the prescribed modules of the programme are passed (General rule A.8.5).
- f) General rules A.8.7.9 and A.8.7.10 rule the requirements to pass a module or a curriculum with distinction.

G.20.10.6 Repeating modules

A learner may repeat modules once in accordance with General rule A.10.

G.20.10.7 Termination of study

A learner's study may be terminated in accordance with General rule A.9.

G.20.11 EKSAMINERING - MAGISTER GRADE

(Kyk G.20.9 op 9 van hierdie jaarboek.)ene reël A.8.1.

G.20.11.1 Benoeming van eksaminatore

Die benoeming van eksaminatore en moderatore geskied jaarliks by die eerste gewone vergadering van die Fakulteitsraad (Algemene reëls A.8.2 en A.8.3).

G.20.11.2 Toelating tot die eksamen

- a) Toelating tot die eksamen in enige module geskied deur die verwerwing van 'n deelnamebewys (Algemene reëls A.1.4 en A.8.6).
- b) 'n Deelnamebewys, wat toelating tot die eksamen verleen, sal slegs uitgereik word nadat 'n leerder tot die bevrediging van die skooldirekteur, in oorleg met die betrokke vakgroepvoorsitter, voldoen het aan die vereistes vir die betrokke module.

G.20.11.3 Eksamen

- a) Die eksamen vir die magistergraad geskied volgens die voorskrifte van Algemene reël A.13.6.
- b) 'n Leerder wat in só 'n stadium van die jaar registreer dat hy nie by die aanbieding van die vraestelgedeelte van die spesifieke jaar kan inskakel nie, moet die vraestelgedeelte laastens in die tweede studiejaar voltooi. So 'n student moet die navorsingsvoorstel binne ses maande na registrasie as student vir goedkeuring aan die dagbestuur van die fakulteitsraad voorlê soos bedoel in Algemene reël A.13.4.8.
- c) 'n Verhandeling of skripsie word slegs met die skriftelike toestemming van die studieleier(s) ingedien (Algemene reël A.13.9.4).
- d) Die aantal kere wat 'n leerder vir 'n eksamen kan aanmeld en die herhaling van modules geskied volgens die bepalings van Algemene reël A.13.14.
- e) Die vereistes waaraan 'n verhandeling of skripsie moet voldoen geskied volgens die bepalings van Algemene reël A.13.7.1.
- f) Leerders moet hulle deeglik vergewis van die inhoud van die Handleiding vir Nagraadse Studie (Algemene reël A.13.7.2).

G.20.11.4 Deelnamepunt

'n Deelnamepunt vir modules kan opgebou word uit werkstukke en ander vorme van evaluering.

G.20.11.5 Modulepunt/Uitslag

- a) Die modulepunt van modules (vraestelle) waarin eksamen geskryf is, word bereken volgens die voorskrifte van Algemene reëls A.8.7.1 (slaagpunt van 50%), A.8.7.4 (verhouding tussen deelnamepunt en eksamenpunt), A.8.7.5 (subminimum van 40%), A.8.7.9 en A.8.7.10 (onderskeiding).
- b) Die berekening van die modulepunt en uitslag van 'n verhandeling of skripsie geskied volgens die bepalings van Algemene reël A.13.12.
- c) In die skool vir Farmasie geld die volgende:
 - i) Die modulepunt word bereken uit die eksamenpunt (punt toegeken vir die verhandeling) en die deelnamepunt (punt behaal in modulewerk). Die verhouding van die eksamenpunt tot die deelnamepunt is 3 : 1.
 - ii) In die geval waar die evaluering van die verhandeling aangevul word met 'n mondelinge evaluering, word die eksamenpunt bereken uit die evalueringpunt vir die verhandeling en die mondelingspunt. Die verhouding van die verhandeling tot die mondeling in die berekening van die modulepunt sal deur die betrokke vakgroep in oorleg met die skooldirekteur en/of navorsingsdirekteur vasgestel word.
 - iii) In kurrikulum G852P (Farmaseutiese Chemie), waar 'n mondeling deel uitmaak van die finale evaluering, is die verhouding van verhandelingspunt tot mondelingspunt 3 : 2.

G.20.11.6 Terminering van die studie

'n Leerder se studie kan getermineer word op grond van die bepalings in Algemene reël A.9.

G.21 REÛLS VIR DIE GRAAD HONNEURS BACCALAUREUS ARTIUM

Die Honneursgraad volg op 'n drie- of vierjarige graad of nadat die status van 'n Baccalaureusgraad verleen is.

Die studie kan voltyds of deelyds gedoen word.

G.21.1 DUUR VAN DIE STUDIE

Die minimum duur van studie is een jaar voltyds en die maksimum duur is twee jaar voltyds. Vir deelydse studie is die minimum duur twee jaar en die maksimum duur is drie jaar.

G.21.2 ALGEMENE TOELATINGSVEREISTES

- a) Toelating tot die honneursprogramme geskied kragtens Algemene reël A.12.1.
- b) Registrasie vir honneursprogramme moet nie later as 31 Januarie geskied nie.

G.21.3 PROGRAM : MENSLIKE BEWEGINGSKUNDE

Kwalifikasiekode: 102160 (V + D)

Die kurrikulums wat in hierdie program saamgestel is, is akademies en prakties van aard. By die samestelling van die kurrikulum is oorweging geskenk aan beroepsmoontlikhede en die mannekragbehoefte van die land. Hierdie kurrikulums berei die leerder voor vir verdere nagraadse studie in Menslike Bewegingskunde.

G.21.3.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES

Bykomend tot die Algemene toelatingsvereistes (Algemene reël A.12.1) geld die volgende:

- a) 'n akademiese keuring volgens kriteria deur die skool neergelê;
- b) keuring gerig op psigometriese, persoonlike- en vaardighedsontwikkeling soos van toepassing in die onderskeie programme van die skool; en
- c) goedkeuring deur die betrokke skooldirekteur.

G.21.3.2 KURRIKULUM : KINDERKINETIKA

G.21.3.2.1 Kurrikulumuitkoste

Om 'n leerder toe te rus met kwaliteite, vaardighede en kennis, om die praktyk van Kinderkinetika, met welslae te kan hanteer. Om 'n professionele identiteit by die leerder te ontwikkel en die leerder met vaardighede toe te rus wat haar/hom in staat sal stel om 'n eie praktyk te kan beplan en bestuur.

G.21.3.2.2 Artikulasie en uittreepunt

Suksesvolle voltooiing van die graad verleen toegang tot Magistergraadstudie in Menslike Bewegingskunde.

G.21.3.2.3 KURRIKULUM G601P : KINDERKINETIKA

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete	Semester
MBWK611	Navorsingsmetodologie	16	1
MBWK612	Kinantropometrie	8	1
MBWK671	Kinderwelstand en gesondheidsbevordering	16	1 & 2
MBWK672	Neuro motoriese leer	16	1 & 2
MBWK673	Kinderkinetika Prakties	24	1 & 2
MBWK674	Praktykbestuur	16	1 & 2
MBWK675	Toegepaste oefenfisiologie	16	1 & 2
MBWK676	Werkstuk	16	1 & 2
Krediet totaal vir die kurrikulum		128	

G.21.3.3 KURRIKULUM : BIKINETIKA**G.21.3.3.1 Kurrikulumuitkomste**

Na afloop van die kurrikulum behoort die leerder as entrepreneur in privaatpraktyk of gevestigde instansies in staat te wees om wetenskaplik-gebaseerde oefenprogramvoorskrifte te doen aan kliënte met die oog op bevordering van gesondheid en kwaliteit van lewe, asook programme aan pasiënte voor te skryf ter rehabilitasie van 'n kliniese toestand waar fisieke oefening as behandelingsmodaliteit aangedui word.

G.21.3.3.2 Artikulasie en uittreepunt

Suksesvolle voltooiing van die graad verleen toegang tot Magistergraadstudie in Menslike Bewegingskunde asook registrasie by die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Biokinetika en die Gesondheidsberoep Raad van Suid-Afrika.

G.21.3.3.3 KURRIKULUM G602P : BIKINETIKA

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete	Semester
MBWK611	Navorsingsmetodologie	16	1
MBWK612	Kinantropometrie	8	1
MBWK674	Praktykbestuur	16	1 & 2
MBWK676	Werkstuk	16	1 & 2
MBWB621	Oefenfisiologie	16	2
MBWB671	Biokinetika	16	1 & 2
MBWB672	Biokinetika prakties	24	1 & 2
MBWB673	Ergologiese evaluering	16	1 & 2
Krediet totaal vir die kurrikulum		128	

G.21.3.4 KURRIKULUM : SPORTWETENSKAP**G.21.3.4.1 Kurrikulumuitkomste**

- a) Na afloop van hierdie kurrikulum behoort die leerder in staat te wees om gespesialiseerde wetenskaplike kennis en ervaring op so 'n wyse te kan toepas dat sportdeelnemers en voornemende deelnemers se sportprestasiepotensiaal bepaal en ontwikkel kan word.

- b) 'n Leerder kan as opgeleide sportwetenskaplike 'n eie praktyk begin, deur 'n instansie(s) in diens geneem word of as sportwetenskapkonsultant in die sportmark funksioneer. Leerders kan ook by die Suid-Afrikaanse Vereniging vir Sportwetenskap registreer.

G.21.3.4.2 Artikulasie en uittreepunt

Suksesvolle voltooiing van die graad verleen toegang tot Magistergraadstudie in Menslike Bewegingskunde.

G.21.3.4.3 KURRIKULUM G603P : SPORTWETENSKAP

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete	Semester
MBWK611	Navorsingsmetodologie	16	1
MBWK612	Kinantropometrie	8	1
MBWS671	Motoriese leer	16	1 & 2
MBWK674	Praktykbestuur	16	1 & 2
MBWK676	Werkstuk	16	1 & 2
MBWS677	Sportfisiologie	16	1 & 2
MBWS672	Sportpsigologie	16	1 & 2
MBWS673	Toegepaste sportfisiologie	16	1 & 2
MBWS675	Sportwetenskappraktyk	8	1 & 2
Kredietotaal vir die kurrikulum		128	

G.21.4 PROGRAM : PSIGOLOGIE

Kwalifikasiekode: 102162 (V + D)

Die kurrikulum wat in hierdie program saamgestel is, is akademies van aard. By die samestelling van die kurrikulum is oorweging geskenk aan beroepsmoontlikhede en die mannekragbehoefte van ons land. Hierdie program berei die leerder voor vir verdere nagraadse studie in Psigologie.

G.21.4.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES

Bykomend tot die Algemene toelatingsvereistes (A.12.1) geld die volgende fakulteitstoelatingsvereistes:

- a) 'n leerder moet 'n akademiese- en persoonlikheidskeuring slaag.

G.21.4.2 KURRIKULUM : PSIGOLOGIE

G.21.4.2.1 Kurrikulumuitkomst

Die gekwalifiseerde leerder sal toegerus wees met basiese kennis van, en toepaslike houdings ten opsigte van psigopatologie; voorligting en hulpverlening; sosiale-en gemeenskapspsigologie; navorsings- en statistiese metodes; en met vaardighede om voorkomende en kapasiteitsbouprogramme te konseptualiseer, ontwikkel en toe te pas. Die leerder sal verder oor deeglike kennis beskik ten opsigte van psigometrie, sekere voorgeskrewe psigologiese toetse en etiese aspekte betrokke by professionele gedrag.

G.21.4.2.2 Artikulasie en uittreepunt

Suksesvolle voltooiing van die graad verleen toegang tot Magistergraadstudie in Psigologie.

G.21.4.2.3 KURRIKULUM G607P : PSIGOLOGIE

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete	Semester
PSIG671	Psigometrie	8	
PSIG672	Psigologiese evaluering	16	
PSIG684	Navorsingsmetodologie	8	
PSIG685	Teoretiese perspektiewe op hulpverlening	16	
PSIG688	Intervensie tegnieke	16	
PSIG689	Groepshantering	8	
PSIG678	Psigopatologie	16	
PSIG691	Gemeenskapspsigologie	16	
PSIG692	Fasilitering van gemeenskapswelstand	16	
PSIG693	Etiek en professionele gedrag	8	
STTK111	Beskrywende statistiek	8	
STTK124	Praktiese statistiek	8	
Krediet totaal vir die kurrikulum		144	

G.21.5 PROGRAM : REKREASIEKUNDE

Kwalifikasiekode: 102161 (V + D)

G.21.5.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES

Bykomend tot die algemene toelatingsvereistes (A.12.1) geld die volgende:

- 'n akademiese keuring volgens kriteria deur die skool neergelê; en
- keuring gerig op psigometriese, persoonlike- en vaardighedsontwikkeling soos van toepassing in die onderskeie programme van die skool.

G.21.5.2 KURRIKULUM : REKREASIEKUNDE

G.21.5.2.1 Kurrikulumuitkomst

Die volgende vaardighede stel die leerder in staat om 'n eie buitlugreksie- en avontuursentrum tot stand te bring en te bestuur: fasilitering, kleingroepdinamika, risikobestuur, probleemoplossing, besluitneming, veiligheid, finansiële bestuur, beplanning, organisasie en implementering van avontuuraktiwiteite en ekskursies. Spesialisopleiding in die volgende aktiwiteite stel die leerder in staat om genoemde kennis en vaardighede te implementeer: hoë –en laetoubaanaktiwiteite, “ab-seiling”, kanovaart, oriëntering, kampeer en voetslaan. Die leerder is in staat tot die ontwikkeling van teikengerigte programme wat verband hou met ontwikkeling en avontuurterapie.

G.21.5.2.2 Artikulasie en uittreepunt

Suksesvolle voltooiing van die graad verleen toegang tot Magistergraadstudie in Rekreasiekunde.

G.21.5.2.3 Ander reëls

Praktiese werk word van 'n leerder vereis soos deur die programleier en skooldirekteur bepaal.

G.21.5.2.4 KURRIKULUM G605P : REKREASIEKUNDE

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete	Semester
MBWK611	Navorsingsmetodologie	16	1
RKKX671	Buitelugrekreasie en Avontuurbestuur	16	1 & 2
RKKX672	Avontuurtrauma	16	1 & 2
RKKX673	Avontuurpraktykorganisasie en – bestuur	16	1 & 2
RKKX674	Vryetydsprogrammering	16	1 & 2
RKKX675	Werkstuk	32	1 & 2
MBWK671	Kinderwelstand en gesondheidsbevordering	16	1 & 2
Krediet totaal vir die kurrikulum		128	

G.21.6 PROGRAM: REKREASIEKUNDE EN TOERISMEBESTUUR**G.21.6.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES**

Bykomend tot die algemene toelatingsvereistes (Algemene reël A.12.1) geld die volgende:

- 'n akademiese keuring volgens kriteria deur die betrokke skole neergelê; en
- keuring is gerig op psigometriese, persoonlike- en vaardigheidsontwikkeling soos van toepassing in die onderskeie programme van die skole.

G.21.6.2 KURRIKULUM : REKREASIEKUNDE EN TOERISMEBESTUUR**G.21.6.2.1 Kurrikulumuitkomste****G.21.6.2.1.1 Rekreasieprogram**

Die leerder behoort in staat te wees om:

- wetenskaplik-gebaseerde, kreatiewe en innoverende programontwikkeling aan kliënte te doen;
- nuwe kennis te ontgin, navorsing te doen en entrepreneuriese projekte te inisieer ten einde die algemene lewenskwaliteit en algemene welstand van die individu/e en/of gemeenskappe te verbeter;

- c) deur die bemeesting van spesifieke vaardighede en kennis, 'n eie rekreasie-onderneming te beplan en te bestuur.

G.21.6.2.1.2 Toerismebemaking

Na voltooiing van die kurrikulum behoort die leerder in staat te wees om:

- a) 'n beeldontleding te doen ten einde die produk te kan posisioneer; en
b) gevorderde marksegmentering te kan toepas.

G.21.6.2.1.3 Ekotoerisme

Na voltooiing van die kurrikulum behoort die leerder in staat te wees om:

- a) produkte vir ekotoerisme volhoubaar te kan ontwikkel en bestuur; en
b) marine-toerisme te kan ontleed om sodoende marine-oorde en/of reservate volhoubaar te kan ontwikkel en bestuur.

G.21.6.2.2 Artikulasie en uittreepunte

Suksesvolle voltooiing van die kwalifikasie verleen toegang tot Magistergraadstudie in Rekreasiekunde of Toerisme.

G.21.6.2.3 Ander reëls

Praktiese werk word van die leerder vereis soos deur die betrokke programmeiers en skooldirekteure bepaal is.

G.21.6.2.4 KURRIKULUM : G606P : REKREASIEKUNDE EN TOERISME

Modulekode	Besrywende naam	Krediete	Semester
MBWK611	Navorsingsmetodologie	16	1
RKKX671	Buitelugrekreasie en Avontuurbe- stuur	16	1 & 2
RKKX672	Avontuurtrauma	16	1 & 2
RKKX674	Vryetydsprogrammering	16	1 & 2
RKKX675	Werkstuk	16	1 & 2
ONTP673	Toerismebemaking	16	1 & 2
ONTP672	Ekotoerisme	16	1 & 2
Krediet totaal vir die kurrikulum		128	

G.21.7 EKSAMINERING

(Kyk G.20.9 op bladsy 8 van hierdie jaarboek.)

G.22 REÛLS VIR DIE GRAAD HONNEURS BACCALAUREUS ARTIUM (MAATSKAPLIKE WERK)

KWALIFIKASIEKODE: 112103 (V + D)

Die honneursgraad word aangebied met die doel om 'n leerder wat 'n driejarige graad in Maatskaplike Werk verwerf het, die geleentheid te bied om ook 'n vierjarige kwalifikasie te verwerf vir toelating tot die M.A.(MW)-graad. Die studie kan, behoudens sekere voorwaardes, voltyds sowel as deelyds onderneem word en sluit Maatskaplikewerk-teorie sowel as Professionele Praktikytkopleiding in.

G.22.1 DUUR VAN DIE STUDIE

Die minimum duur van studie is een jaar voltyds en die maksimum duur is twee jaar voltyds. Vir deelydse studie is die minimum duur twee jaar en die maksimum duur is drie jaar

G.22.2 ALGEMENE TOELATINGSVEREISTES

- a) Toelating tot die honneursprogramme geskied kragtens Algemene reël A.12.1.
- b) Registrasie vir nagraade programme moet nie later as 31 Januarie geskied nie.

G.22.3 PROGRAM : MAATSKAPLIKE WERK

Die honneursprogram in maatskaplikewerk-opleiding in Suid-Afrika dateer uit die tydperk toe 'n driejarige BA-graad in Maatskaplike Werk as vereiste gegeld het. Na die instelling van 'n vierjarige graadkursus, was die honneursgraad nie langer nodig vir toelating tot die MA-graad nie. Praktiserende maatskaplike werkers met 'n driejarige opleiding wat in verdere studie belang gestel het, moes egter steeds die honneursgraad behaal om toelating tot MA-studie te verkry. Die doel met die bestaande program is dus om maatskaplike werkers met 'n driejarige kwalifikasie in staat te stel om hulle op nagraadse vlak beter te bekwaam, vir solank die behoefte in die praktyk bestaan.

Ingevolge die *White Paper for Social Welfare* is 'n strategiese plan vir die rekonstruksie en rasionalisering van die maatskaplike diensleweringstelsel in Suid-Afrika aanvaar. Hierdie beleidsmaatreëls vereis 'n holistiese ontwikkelingsbenadering waarvolgens dienste aan individue, gesinne, groepe en gemeenskappe op multi-professionele vlak gelewer word. Spesiaal opgeleide personeel soos maatskaplike werkers word vir hierdie doel benodig. Voorts beklemtoon die strategiese plan ook die noodsaaklikheid dat bestaande maatskaplike werkers hulle kwalifikasies opgradeer om aan die vereistes te beantwoord wat die nuwe benadering van hulle sal verg. Hierdie program is daarop gerig om aan beide hierdie verwagtinge te voldoen.

G.22.3.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES

Bykomend tot die algemene toelatingsvereistes (Algemene reël A.12.1) geld die volgende toelatingsvereistes:

- a) leerders moet oor 'n goedgekeurde driejarige B.-graad met Maatskaplike Werk as een van die hoofvakke beskik;

- b) 'n leerder moet voor registrasie vir hierdie graad op die voorgeskrewe vorm aansoek doen om keuring. Indien dit deur die skooldirekteur bepaal word, mag daar van 'n leerder vereis word om weer 'n keuring te ondergaan alvorens daardie leerder tot 'n volgende module toegelaat word;
- c) die voltydse kurrikulum word slegs aangebied indien 'n minimum aantal leerders, soos deur die direkteur van die betrokke skool bepaal, daarvoor inskryf. Dit mag meebring dat slegs die deelydse kurrikulum vir 'n gegewe jaar aangebied sal word en dat die leerder slegs die modules kan kies wat in die betrokke jaar aangebied word;
- d) die deelydse kurrikulum word slegs aangebied indien 'n minimum aantal leerders, soos deur die skooldirekteur bepaal daarvoor inskryf; en
- e) leerders moet bewys lewer van registrasie as maatskaplike werker by die S.A. Raad vir Maatskaplike Diensberoep.

G.22.3.2 KURRIKULUM : MAATSKAPLIKE WERK

G.22.3.2.1 Kurrikulumuitkomste

Die leerder sal in staat wees om:

- a) Die voorsiening van terapeutiese en ontwikkelingsgerigte maatskaplikewerkdienste te kan beplan en implementeer;
- b) Die Suid-Afrikaanse maatskaplike diensleweringstelsel in die lewering van dienste te kan benut;
- c) 'n verskeidenheid maatskaplikewerk-rolle, soos deur die SA Raad vir Maatskaplike Diensberoep vereis word, te kan vervul
- d) effektief in groepwerk kan funksioneer en daardeur dienswerk optimaliseer,
- e) 'n gevestigde waardesisteen in alle vorme van kommunikasie te operasionaliseer,
- f) probleemoplossend te werk te gaan in die hantering van nuwe maatskaplike vraagstukke en
- g) gepaste navorsingsmetodes met welslae te gebruik, resultate te interpreteer en samehangende verslae te skryf.

G.22.3.2.2 Artikulasie en uitreepunte

Die kwalifikasie stel die leerder in staat om programme op magistervlak te volg by alle Suid-Afrikaanse universiteite waar maatskaplike werk op nagraadse vlak aangebied word.

G.22.3.2.3 Ander reëls

- a) Met die oog op toelating tot module MWKH675 is die besit van 'n motorrybewys 'n vereiste.
- c) Behoudens hoë uitsonderings wat deur die Senaat goedgekeur moet word, moet die navorsing wat vir hierdie kwalifikasie vereis word, dus binne die navorsingsfokusarea 9.1 verrig word.
- d) Die volgende kurrikulums kan gekies word: Gesondheidsdiensbestuur; / Gesondheidswetenskaponderwys; / Professionele Verpleegkunde; / Gemeenskapsverpleegkunde; / Psigiatrisiese Gemeenskapsverpleegkunde; / Verloskunde en Neonatologiese Verpleegkunde/ Verpleegkunde.
- e) Die leerder behoort na verwerwing van die kwalifikasie in staat te wees om:
 - i) die bevordering, handhawing en herstel van gesondheid te fasiliteer;
 - ii) kritiese-analitiese, probleemoplossende denkvaardighede te demonstreer sowel as om etiese beginsels in die verpleegpraktyk toe te pas;
 - iii) professionele en persoonlike waardes en norme in die eties-wetlike praktisering van verpleegkunde te integreer;
 - iv) gesondheidsinligting in te samel, te analiseer, organiseer en krities te evalueer;
 - v) bewustheid te toon ten opsigte van die belang van effektiewe leerstrategieë, verantwoordelike burgerskap, kultuursensitiwiteit, onderrig, beroepsgeleenthede en ondernemingsvermoëns in verpleegkunde;
 - vi) hom/haarself en aktiwiteite effektief in gesondheid te organiseer en bestuur;
 - vii) as 'n gesondheidsdiensfasiliteerder vir die voorsiening van hoë gehalte verpleging op te tree;
 - viii) intra- en interpersoonlike vaardighede, stres- en konflikthantering toe te pas ten einde sy/haar sowel as ander se strewe na heelheid te fasiliteer;

- ix) as 'n onafhanklike praktisyn, leier en konsultant saam met ander dissiplines binne die gesondheidsorgsisteem en die gemeenskapsgesondheidsdienste te werk;
- x) verandering effektief te fasiliteer en te bestuur;
- xi) standarde vir kwaliteitsversekering te ontwikkel en te implementeer;
- xii) verwysingshulpbronne te benut, tot stand te bring of te mobiliseer deur middel van die ontwikkeling van netwerke;
- xiii) persoonlike en professionele ontwikkeling te fasiliteer;
- xiv) betekenisvol by te dra tot die formulering van beleide in verpleegkunde;
- xv) professionele uitmuntendheid en bevoegdheid te handhaaf deur middel van voortgesette leer;
- xvi) wetenskap en tegnologie effektief en krities te gebruik, verantwoordelikheid te toon ten opsigte van die omgewing en die gesondheid van ander.

G.29.2 DUUR VAN DIE STUDIE

- a) Hierdie kwalifikasie word voltyds en deelyds by die Potchefstroomkampus aangebied.
- b) Die **minimum duur** van die studie is **een jaar** en die **maksimum duur** is **drie jaar**, bereken vanaf die datum van eerste registrasie vir die betrokke program.
- c) Algemene reël A.13.5.2 reël die prosedure vir die verlenging van die studietydperk.

G.29.3 ALGEMENE TOELATINGSVEREISTES

- a) Toelating tot hierdie kwalifikasie geskied kragtens Algemene reël A.13.1.
- b) 'n Leerder wat vir die eerste keer vir die magistergraad registreer moet dit voor 31 Maart van die betrokke jaar doen.
- c) Herregistrasie vir die verdere studiejare moet elke jaar voor of op 31 Maart geskied .
- d) Goedkeuring van die studieprogram en verbandhoudende reëls geskied na aanleiding van die bepalings in Algemene reël A.13.4.

G.29.4 PROGRAM : NAVORSINGSMEESTERSGRAAD : (VERHANDELING)

Die gekwalifiseerde leerder behoort in staat te wees om effektief as 'n leier en 'n onafhanklike praktisyn te praktiseer, saam met ander multi-dissiplinêre spanlede, binne die gesondheidsorgsisteem. As 'n verpleegkundige leier behoort hy/sy in staat te wees om, op grond van roeping, professionele, omvattende, hoë kwaliteit, wetenskaplik gefundeerde verpleegkunde te praktiseer. Hierdie verpleging behoort in die behoeftes van die tyd, die provinsie, die land en die persoon te kan voorsien. Dit behoort gerig te wees op diens, omgee, kultuursensitiwiteit en gebaseer wees op die primêre

gesondheidsbenadering. Die gevorderde verpleegkundige behoort 'n deurlopende strewe na persoonlike en professionele groei en gesondheid te ervaar, asook die pasiënt se strewe na gesondheid te fasiliteer.

Hierdie program sluit die kurrikulums vir Gemeenskapsverpleegkunde, Gesondheidsdiensbestuur, Gesondheidswetenskaponderwys, Professionele Verpleegkunde en Verpleegkunde in.

G.29.4.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES

G.29.4.1.1 Bykomend tot die Algemene Toelatingsvereistes (G.29.3) geld die volgende:

- a) Leerders moet bewys lewer dat 'n eerste B.-graad of ekwivalente kwalifikasie¹ reeds verwerf is.
- b) leerders moet aan die begin van elke studiejaar bewys lewer van registrasie as verpleegkundige by die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging indien hy/sy in Suid-Afrika as verpleegkundige praktiseer;
- c) om in enige van die verpleegkundige programme/kurrikulums te spesialiseer moet 'n leerder bewys lewer van die besondere registrasie by die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging of ekwivalente registrasie indien die leerder nie 'n Suid-Afrikaanse burger² is nie; en
- d) om tot enige van die programme/kurrikulums toegelaat te word, moet 'n leerder ten minste 60% in die finale modules van die besondere spesialisering/program in die eerste B.-graad behaal. Die leerder word aan 'n keuringsonderhoud onderwerp waartydens die skooldirekteur en studieleier van die bepaalde studierigting/program teenwoordig is.

G.29.4.1.2 Verdere bepalings

G.29.4.1.2.1 Gemeenskapsverpleegkunde

'n Leerder wat in Gemeenskapsverpleegkunde wil spesialiseer moet beskik oor 'n vierjarige Baccalaureusgraad in Verpleegkunde met Gemeenskapsverpleegkunde as hoofvak of 'n driejarige Baccalaureusgraad in Verpleegkunde met Gemeenskapsverpleegkunde as hoofvak en 'n diploma in Gemeenskapsverpleegkunde.

G.29.4.1.2.2 Gesondheidsdiensbestuur

'n Leerder wat in Gesondheidsdiensbestuur wil spesialiseer moet beskik oor 'n vierjarige Baccalaureusgraad in Verpleegkunde of 'n driejarige Baccalaureusgraad in Verpleegkunde met Verpleegbestuur as hoofvak en 'n diploma in Verpleegbestuur.

G.29.4.1.2.3 Gesondheidswetenskaponderwys

'n Leerder wat in Gesondheidswetenskaponderwys wil spesialiseer moet beskik oor 'n vierjarige Baccalaureusgraad in Verpleegkunde of 'n driejarige Baccalaureusgraad in Verpleegkunde met Verpleegonderwys as hoofvak en 'n diploma in Verpleegonderwys.

G.29.4.1.2.4 Professionele Verpleegkunde

'n Leerder wat in Professionele Verpleegkunde wil spesialiseer moet beskik oor 'n drie- óf vierjarige Baccalaureusgraad in Verpleegkunde.

G.29.4.1.2.5 Verpleegkunde

'n Leerder wat hierdie kurrikulum volg moet beskik oor 'n drie- of vierjarige Baccalaureus-grad in Verpleegkunde.

G.29.4.2 Artikulasie en uittreepunt

- a) Modules (Navorsingsmetodologie, Verplegingsdinamika, Intra- en Interpersoonlike vaardighede) wat by ander universiteite en by die Noordwes-Universiteit voltooi is, binne die voorafgaande 5 jaar, en aan die voorgeskrewe kriteria voldoen word erken indien die leerder verkies om die program by 'n ander universiteit te voltooi.
- b) Toegang tot Ph.D-studies by ander universiteite of by die Noordwes Universiteit kan verleen word.
- c) Uittreepunt wat met ander kwalifikasies artikeleer: Die leerder sal in staat wees om, ná die suksesvolle voltooiing van die eerste studiejaar, uit te tree na 'n Magister Curationis in 'n ander veld van verpleegkunde of 'n verwante veld in gesondheid of onderrig en voort te gaan met 'n Magister-grad. Toegang tot ander nagraadse programme in ander dissiplines of tersiêre onderrig-organisasies mag ook moontlik wees, afhangend van die vereistes en toegangsreëls vir die programme.

G.29.4.3 KURRIKULUM : GEMEENSKAPSVERPLEEGKUNDE

G.29.4.3.1 Kurrikulumuitkomste

Na voltooiing van die kurrikulum behoort die leerder in staat te wees om die lewenskwaliteit van die persoon, gesin en/of die gemeenskap te fasiliteer deur gesondheid, binne 'n gemeenskapsgesentreerde, kultuursensitiewe benadering te bevorder, in stand te hou en te herstel.

G.29.4.3.2 KURRIKULUM G830P : GEMEENSKAPSVERPLEEGKUNDE

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
VPGV872	Verhandeling: Gemeenskapsverpleegkunde	152
VPKN814	Navorsingsmetodologie	16
VPKD824	Verplegingsdinamika	16
Krediet totaal vir die kurrikulum		184

G.29.4.4 KURRIKULUM : GESONDHEIDSDIENSBESTUUR

G.29.4.4.1 Kurrikulumuitkomste

Na voltooiing van die kurrikulum behoort die leerder in staat te wees om gesondheidsdienste op 'n gemeenskapsgesentreerde, kultuursensitiewe wyse te bestuur met die doel om die persoon, gesin en/of gemeenskap se gesondheid te fasiliteer.

G.29.4.4.2 KURRIKULUM G831P : GESONDHEIDSDIENSBESTUUR

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
VPBV872	Verhandeling: Gesondheidsdiensbestuur	152
VPKN814	Navorsingsmetodologie	16
VPKD824	Verplegingsdinamika	16
Krediet totaal vir die kurrikulum		184

G.29.4.5 KURRIKULUM : GESONDHEIDSWETENSKAPONDERWYS**G.29.4.5.1 Kurrikulumuitkomste**

Na voltooiing van die kurrikulum behoort die leerder in staat te wees om op 'n gemeenskapsgesentreerde kultuursensitiewe wyse deur gesondheidswetenskaponderwys die lewenskwaliteit van die persoon, gesin en/of gemeenskap te fasiliteer.

G.29.4.5.2 KURRIKULUM G832P : GESONDHEIDSWETENSKAPONDERWYS

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
VPOV872	Verhandeling: Gesondheidswetenskaponderwys	152
VPKN814	Navorsingsmetodologie	16
VPKD824	Verplegingsdinamika	16
Krediet totaal vir die kurrikulum		184

G.29.4.6 KURRIKULUM: PROFESSIONELE VERPLEEGKUNDE**G.29.4.6.1 Kurrikulumuitkomste**

Na voltooiing van die kurrikulum behoort die leerder in staat te wees om die lewenskwaliteit van die pasiënt te fasiliteer deur gesondheid, binne 'n gemeenskapsgesentreerde kultuursensitiewe benadering, te bevorder, in stand te hou en te herstel.

G.29.4.6.2 KURRIKULUM G833P : PROFESSIONELE VERPLEEGKUNDE

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
VPKV872	Verhandeling: Professionele Verpleegkunde	152
VPKN814	Navorsingsmetodologie	16
VPKD824	Verplegingsdinamika	16
Krediet totaal vir die kurrikulum		184

G.29.4.7 KURRIKULUM : VERPLEEGKUNDE**G.29.4.7.1 Kurrikulumuitkomst**

Na voltooiing van die kurrikulum behoort die leerder in staat te wees om die lewenskwaliteit van die pasiënt te fasiliteer deur gesondheid binne 'n gemeenskapsgesentreerde kultuursensitiewe benadering te bevorder, in stand te hou en te herstel.

G.29.4.7.2 KURRIKULUM G836P : VERPLEEGKUNDE

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
VPVV872	Verhandeling: Verpleegkunde	152
VPKN814	Navorsingsmetodologie	16
VPKD824	Verplegingsdinamika	16
Krediet totaal vir die kurrikulum		184

G.29.5 PROGRAM : GESTRUKTUREERDE MEESTERSGRAAD (SKRIPSIE)

- a) Die leerder kan na voltooiing van die graad as verpleegspesialis, as gevorderde verpleegkundige registreer by die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging. Hy/sy behoort in staat te wees om effektief as 'n leier en 'n onafhanklike praktisyn te praktiseer, saam met ander multi-dissiplinêre spanlede, binne die gesondheidsorgsisteem. As 'n verpleegkundige leier behoort hy/sy in staat te wees om, professionele, omvattende, hoë kwaliteit, wetenskaplik gefundeerde verpleegkunde te praktiseer. Hierdie verpleging behoort in die behoeftes van die tyd, die provinsie en die persoon te kan voorsien. Dit sal gerig wees op diens, omgee, kultuursensitiewe en gebaseer wees op die primêre gesondheidsbenadering. Die verpleegspesialis behoort 'n deurlopende strewe na persoonlike en professionele groei en gesondheid te ervaar, asook die pasiënt se strewe na gesondheid te fasiliteer.
- b) Hierdie program sluit Psigiatrisie Gemeenskapsverpleegkunde asook Verloskunde en Neonatologiese Verpleegkunde in.

G.29.5.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES

G.29.5.1.1 Bykomend tot die Algemene Toelatingsvereistes (G.29.3) geld die volgende:

- a) leerders moet bewys lewer dat 'n eerste B.-graad of ekwivalente¹ kwalifikasie reeds verwerf is.
- b) leerders moet aan die begin van elke studiejaar bewys lewer van registrasie as verpleegkundige by die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging indien hy/sy in Suid-Afrika as verpleegkundige praktiseer;
- c) om in enige van die verpleegkundige programme/kurrikulums te spesialiseer moet 'n leerder bewys lewer van die besondere registrasie by die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging of ekwivalente registrasie indien hy/sy nie 'n Suid-Afrikaanse burger² is nie; en
- d) om tot enige van die programme/kurrikulums toegelaat te word, moet 'n leerder ten minste 60% in die finale module van die besondere spesialisering/program in die eerste B.-graad behaal. Die leerder word aan 'n keuringsonderhoud onderwerp waartydens die direkteur van die skool en studieleier van die bepaalde studierigting/program teenwoordig is.
- e) Om tot enige van die programme/kurrikulums toegelaat te word, moet die leerder 'n krities-analitiese werkstuk oor 'n bepaalde tema, soos deur die Skool vir Verpleegkunde bepaal, skryf. Die werkstuk moet begrond wees met ten minste 15 bronne uit literatuur, met korrekte verwysings na literatuur, ongeveer 10 bladsye lank wees en ingelewer word teen 'n sperdatum deur die Direkteur van die Skool vir Verpleegkunde bepaal.

G.29.5.1.2 Verdere bepalings

G.29.5.1.2.1 Psigiatrisie Gemeenskapsverpleegkunde

'n Leerder wat in Psigiatrisie Gemeenskapsverpleegkunde wil spesialiseer moet beskik oor 'n vierjarige Baccalaureusgraad in Verpleegkunde met Psigiatrisie Verpleegkunde as hoofvak of 'n driejarige Baccalaureusgraad in Verpleegkunde en 'n diploma in Psigiatrisie Verpleegkunde.

Die leerder word ook aan psigometriese toetsing onderwerp.

G.29.5.1.2.2 Verloskunde en Neonatologiese Verpleegkunde

'n Leerder wat in Verloskunde en Neonatologiese Verpleegkunde wil spesialiseer moet beskik oor 'n vierjarige Baccalaureusgraad in Verpleegkunde met Verloskunde as hoofvak of 'n driejarige Baccalaureusgraad in Verpleegkunde en 'n diploma in Verloskunde.

G.29.5.2 KURRIKULUM : PSIGIATRIESE GEMEENSKAPSVERPLEEGKUNDE

G.29.5.2.1 Kurrikulumuitkomst

Die leerder behoort as 'n verpleegspesialis in Psigiatrisie Gemeenskapsverpleegkunde by die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging te kan registreer. Hy/sy behoort in staat te wees om:

- a) die bevordering, handhawing en herstel van geestesgesondheid te fasiliteer;
- b) kritiese-analitiese, probleemoplossende denkvaardighede te demonstreer sowel as om etiese beginsels in die verpleegpraktyk toe te pas;

- c) professionele en persoonlike waardes en norme in die eties-wetlike praktisering van psigiatriese verpleegkunde te integreer;
- d) geestesgesondheidsinligting in te samel, te analiseer, organiseer en krities te evalueer;
- e) bewustheid te toon ten opsigte van die belang van effektiewe leerstrategieë, verantwoordelike burgerskap, kultuursensitiwiteit, onderrig, beroepsgeleenthede en ondernemingsvermoëns in psigiatriese verpleegkunde;
- f) hom/haarself en aktiwiteite effektief in geestesgesondheid te organiseer en bestuur;
- g) psigiatriese gesondheidsorg as 'n spesialis navorser, praktisyn, leier, terapeut, konsultant en begeleier te fasiliteer;
- h) intra- en interpersoonlike vaardighede, stres- en konflikthantering toe te pas ten einde sy/haar sowel as ander se strewe na heelheid te fasiliteer;
- i) as 'n onafhanklike praktisyn, leier en konsultant saam met ander dissiplines binne die gesondheidsorgsisteem en die gemeenskaps-gesondheidsdienste te werk ten einde geestesgesondheid te bevorder, handhaaf en herstel sowel as om 'n effektiewe lewenstyl te bevorder;
- j) gevorderde wetenskaplike beginsels rakende psigiatriese gemeenskaps-verpleegkunde toe te pas;
- k) as 'n gesondheidsdiensfasiliteerder vir die voorsiening van gehalte psigiatriese verpleegkunde op te tree;
- l) verwysingshulpbronne te benut, tot stand te bring of te mobiliseer deur middel van die ontwikkeling van netwerke;
- m) onderriggeleenthede te skep en/of te gebruik om geestesgesondheid te fasiliteer en te optimaliseer;
- n) betekenisvol by te dra tot die formulering van geestesgesondheidsbeleide in verpleegkunde;
- o) professionele uitmuntendheid en bevoegdheid te handhaaf deur middel van voortgesette leer; en
- p) wetenskap en tegnologie effektief en krities te gebruik, verantwoordelikheid te toon ten opsigte van die omgewing en die gesondheid van ander.

G.29.5.2.2 Artikulasie en uitreepunt

- a) Modules (Navorsingsmetodologie, Verplegingsdinamika, Intra- en Interpersoonlike vaardighede) wat by ander universiteite en by die Noordwes-Universiteit voltooi is, binne die voorafgaande 5 jaar, en aan voorgeskrewe kriteria voldoen word erken indien die leerder verkies om die program by 'n ander universiteit te voltooi.
- b) Toegang tot Ph.D-studies by ander universiteite of by die Noordwes Universiteit kan verleen word.

- c) Uittreepunt wat met ander kwalifikasies artikeleer: Die leerder sal in staat wees om, ná die suksesvolle voltooiing van die eerste studiejaar, uit te tree na 'n Magister Curationis in 'n ander veld van verpleegkunde of 'n verwante veld in gesondheid of onderrig en voort te gaan met 'n Magistergraad. Toegang tot ander nagraadse programme in ander dissiplines of tersiêre onderrig-organisasies mag ook moontlik wees, afhangend van die vereistes en toegangsreëls vir die programme.

G.29.5.2.3 KURRIKULUM G834P : PSIGIATRIESE GEMEENSKAPSVERPLEEGKUNDE

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
VPE873	Skripsie: Psigiatriese Gemeenskapsverpleegkunde	112
VPEK874	Kliniese Psigiatriese verpleegkunde	32
VPEK875	Psigiatriese verpleegvaardighede en metodes	32
VPEK876	Psigiatriese verpleegpraktyk, leierskap en konsultasie	32
VPEP884	Psigiatriese Gemeenskapsverpleegkunde prakties	48
VPKN814	Navorsingsmetodologie	16
VPKD824	Verplegingsdinamika	16
Krediet totaal vir die kurrikulum		288

G.29.5.3 KURRIKULUM : VERLOSKUNDE EN NEONATOLOGIESE VERPLEEGKUNDE

G.29.5.3.1 Kurrikulumuitkomst

Die gekwalifiseerde leerder kan as 'n gevorderde verpleegkundige in Verloskunde en Neonatologiese Verpleegkunde by die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging registreer. Na voltooiing van die kurrikulum behoort hy/sy in staat te wees om:

- die bevordering, handhawing en herstel van die gesondheid van die moeder en kind te fasiliteer;
- kritiese-analitiese, probleemoplossende denkvaardighede te demonstreer sowel as om etiese beginsels toe te pas tydens die praktisering van verloskunde en neonatologiese verpleegkunde;
- professionele en persoonlike waardes en norme in die eties-wetlike praktisering van verpleegkunde te integreer;
- gesondheidsinligting ten opsigte van die moeder en kind in te samel, te analiseer, organiseer en krities te evalueer;
- bewustheid te toon ten opsigte van die belang van effektiewe leerstrategieë, verantwoordelike burgerskap, kultuursensitiwiteit, onderrig, beroepsgeleenthede en ondernemingsvermoëns in Verloskunde en Neonatologiese Verpleegkunde;
- hom/haarself en aktiwiteite effektief in moeder- en kindsorg te organiseer en bestuur;

- g) verloskunde en neonatologiese gesondheidsorg as 'n spesialis praktisyn, leier, navorser en konsultant te fasiliteer;
- h) intra- en interpersoonlike vaardighede, stres- en konflikthantering toe te pas ten einde sy/haar sowel as ander se strewe na heelheid te fasiliteer;
- i) as 'n onafhanklike praktisyn, leier en konsultant saam te werk met ander dissiplines binne die gesondheidsorgsisteem en die gemeenskaps-gesondheidsdienste vir die bevordering, handhaaf en herstel van kind- en moedergesondheid;
- j) as 'n gesondheidsorgfasiliteerder vir die voorsiening van gehalte verloskunde en neonatologiese verpleegkunde op te tree;
- k) onderriggeleenthede te skep en/of te gebruik om die gesondheid van die moeder en kind te fasiliteer en te optimaliseer;
- l) standarde vir kwaliteitsversekering te ontwikkel en te implementeer;
- m) verwysingshulpbronne te benut, tot stand te bring of te mobiliseer deur middel van die ontwikkeling van netwerke;
- n) persoonlike en professionele ontwikkeling te fasiliteer;
- o) betekenisvol by te dra tot die formulering van beleide ten opsigte van die moeder en kind asook die ontwikkeling van verloskunde en neonatologiese verpleegkunde;
- p) professionele uitmuntendheid en bevoegdheid te handhaaf deur middel van voortgesette leer; en
- q) wetenskap en tegnologie effektief en krities te gebruik, verantwoordelikheid te toon ten opsigte van die omgewing en die gesondheid van ander.

G.29.5.3.2 Artikulasie en uittreepunt

- a) Modules (Navorsingsmetodologie, Verplegingsdinamika, Intra- en Interpersoonlike vaardighede) wat by ander universiteite en by die Noordwes-Universiteit voltooi is, binne die voorafgaande 5 jaar, en aan voorgeskrewe kriteria voldoen word erken indien die leerder verkies om die program by 'n ander universiteit te voltooi.
- b) Toegang tot Ph.D-studies by ander universiteite of by die Noordwes Universiteit kan verleen word.
- c) Uittreepunt wat met ander kwalifikasies artikeleer: Die leerder sal in staat wees om, ná die suksesvolle voltooiing van die eerste studiejaar, uit te tree na 'n Magister Curationis in 'n ander veld van verpleegkunde of 'n verwante veld in gesondheid of onderrig en voort te gaan met 'n Magistergraad. Toegang tot ander nagraadse programme in ander dissiplines of tersiêre onderrigorganisasies mag ook moontlik wees, afhangend van die vereistes en toegangsreëls vir die programme.

G.29.5.3.3 KURRIKULUM G835P : VERLOSKUNDE EN NEONATOLOGIESE VERPLEEGKUNDE

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
VPVS873	Skripsie: Verloskunde en Neonatologiese verpleegkunde	112
VPVK874	Die spesialis verloskundige as praktisyn, leier en konsultant	32
VPVK875	Die spesialis verloskundige as klinikus in ante-, intra- en postpartum konteks	32
VPVK876	Die spesialis verloskundige as klinikus in die neonatale konteks	32
VPVP884	Verloskunde en Neonatologiese Verpleegkunde: Prakties	48
VPKN814	Navorsingsmetodologie	16
VPKD824	Verplegingsdinamika	16
Kredietotaal vir die kurrikulum		288

G.29.6 EKSAMINERING

(Kyk G.20.11 op bladsy 10 van hierdie jaarboek.)

1 'n Ekwivalente kwalifikasie kan die volgende insluit:

- 'n Driejarige Verpleegkunde-graad met die besondere spesialisering as hoofvak.
- 'n vierjarige Diploma in Verpleegkunde (wat lei tot registrasie as verpleegkundige (Algemene, Gemeenskaps- en Psigiatryse) en Verloskundige) en 'n nabasiese diploma, bv. In Gesondheidswetenskaponderwys of Gesondheidsdiensbestuur.
- 'n Vierjarige Diploma in Verpleegkunde (wat lei tot registrasie as verpleegkundige (Algemene, Gemeenskaps- en Psigiatryse) en Verloskundige) en 'n driejarige graad in Verpleegkunde (Gesondheidswetenskap-onderwys in Gesondheidsdiensbestuur).
- 'n vierjarige B.Tech-kwalifikasie met die spesialisering as hoofvak en 'n eenjarige nabasiese diploma in verpleegkunde (met die spesialisering as hoofvak).

2 Indien die leerder nie 'n Suid-Afrikaanse burger is nie, of indien daar onsekerheid tov sy/haar kwalifikasie bestaan, moet hy/sy die volgende prosedure volg ten einde aansoek te doen om toelating:

- Daar kan van die leerder verwag word om sy/haar kwalifikasies aan evaluering deur die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid (SAKO) te onderwerp;
- Indien SAKO bevind dat die leerder se kwalifikasies gelykstaande aan 'n ekwivalente kwalifikasie (soos hierbo verduidelik) is behou die skool die reg om die leerder te adviseer om eers 'n B-graad of M-graad (wat ookal toepaslik is) te bekom, of om voorwaardelike keuring (onderhewig aan suksesvolle voltooiing van die module in Navorsingsmetodologie (VPKN814)) en die suksesvolle afhandeling van die navorsingsvoorstel) toe te staan.

G.30 REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER PHARMACIAE

KWALIFIKASIEKODE: 803 104 (V + D)

803 104 (T)

G.30.1 NAVORSINGSGROEP, PROGRAMME EN DOEL

- a) Navorsing en opleiding met die oog op die verwerwing van hierdie kwalifikasie in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe is gestruktureer in die Navorsingsgroep Bestuurde Farmaseutiese Sorg en Farmako-ekonomie.
- b) Navorsing en opleiding in die verskillende programme/kurrikulums hieronder aangedui, geskied onder leiding van die direkteur van die Skool vir Farmasie en personeel van die vakgroepe Farmaseutiese en Terapeutiese Sorg en Farmasiepraktyk.
- c) Behoudens hoë uitsonderings wat deur die Senaat goedgekeur moet word, moet die navorsing wat vir hierdie kwalifikasie vereis word, dus binne die Bestuurde Farmaseutiese Sorg en Farmako-ekonomie Navorsingsgroep verrig word.
- d) Die volgende kurrikulums kan gekies word: navorsingsgerigte Farmasiepraktyk (G840P) en die gedoseerde kurrikulums naamlik Kliniese Farmasie (G842T), Hospitaalfarmasie (G843T) en Gemeenskapsfarmasie (G841T).
- e) Die doel van die M.Pharm.-graad is om nagraadse leerders op te lei ten einde bevoeg te wees om op 'n hoogs-gespesialiseerde vlak as 'n gespesialiseerde apteker te praktiseer met as oogmerk die lewering van 'n omvattende farmaseutiese diens aan die inwoners van Suid-Afrika.

G.30.2 DUUR VAN DIE STUDIE

- a) Die kurrikulum in Farmasiepraktyk (G840P) kan voltyds of deelyds geneem word, terwyl die ander kurrikulums op 'n afstandsonderrigbasis aangebied word.
- b) Die **minimum duur** van die studie is **een jaar** en die **maksimum duur** is **drie jaar**, bereken vanaf die datum van eerste registrasie vir die betrokke program.
- c) Algemene reël A.13.5.2 reël die prosedure vir die verlenging van die studietydperk.

G.30.3 ALGEMENE TOELATINGSVEREISTES

- a) Toelating tot hierdie kwalifikasie geskied kragtens Algemene reël A.13.1.
- b) 'n Leerder wat vir die eerste keer vir die magistergraad registreer moet dit voor 30 Junie van die betrokke jaar doen (aansoeke sluit einde Mei).
- c) Herregistrasie vir die verdere studiejare moet elke jaar voor of op 31 Maart geskied.

- d) Goedkeuring van die studieprogram en verbandhoudende reëls geskied na aanleiding van die bepalings in Algemene reël A.13.42.

G.30.4 PROGRAM : FARMASIE

Die doel van hierdie kwalifikasie is die opleiding van nagraadse leerders ten einde hulle te bemagtig om op 'n hoogs-gespesialiseerde vlak te kan praktiseer as gespesialiseerde aptekers wat 'n doeltreffende en omvattende farmaseutiese diens aan die inwoners van Suid-Afrika te kan lewer.

G.30.4.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES

Bykomend tot die Algemene reëls van die Universiteit ten opsigte van toelating (Algemene reël A.4) en registrasie (Algemene reël A.5) asook die spesifieke reëls vir Magistergrade (Algemene reël A.13.1), geld die volgende reëls vir die graad M.Pharm.:

- a) 'n B.Pharm.-graad of 'n gelykwaardige kwalifikasie wat die Senaat mag goedkeur word vereis. In die geval van 'n driejarige B.Sc. (Farm.)-graad sal sodanige addisionele modulewerk vereis word as wat deur die betrokke direkteur van die betrokke skool bepaal word.
- b) Die skooldirekteur kan toelating tot 'n program/kurrikulum wyer indien die standaard van bewaamheid wat die leerder tevore in die betrokke vak(ke) waarin die leerder verder wil studeer bereik het, nie aan die betrokke program-/kurrikulumvereistes voldoen nie.
- c) Toepaslike ervaring in die veld van die betrokke program/kurrikulum is 'n vereiste vir die betrokke program/kurrikulum.

G.30.4.2 KURRIKULUM : FARMASIEPRAKTYK

G.30.4.2.1 Kurrikulumuitkoms

Die leerder sal bevoeg wees om: (1) gevorderde funksies van 'n apteker te verrig, (2) as 'n leier in die professie en funksies van die aptekersprofessie op te tree, (3) navorsingsmetodologie toe te pas, en (4) om probleemoplossings te kan doen.

G.30.4.2.2 Artikulasie

Hierdie kwalifikasie gee toegang tot na-magistergraadstudie aan hierdie en ander universiteite wat Ph.D.-programme in hierdie studieveld aanbied.

G.30.4.2.3 KURRIKULUM G840P : FARMASIEPRAKTYK

Die program bestaan uit 'n navorsingsprojek in 'n navorsingsrigting, binne die toepaslike navorsingsfokusarea, wat kulmineer in die skryf van 'n verhandeling. 'n Deelnamepunt word opgebou deur bywoning/afhandeling van bepaalde kursusse wat, volgens die oordeel van die betrokke studieleier, van belang mag wees vir die leerder in die voltooiing van sy/haar studie. Die kursusse word aangedui en omskryf in die "Inligtingsdokument vir Meestergraadstudie" in die Skool vir Farmasie.

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
FPMG871	Verhandeling	184
Krediet totaal vir die kurrikulum		184

G.30.4.3 KURRIKULUM : GEMEENSKAPSFARMASIE

G.30.4.3.1 Kurrikulumuitkomste

Die leerder sal bevoeg wees om as 'n gemeenskapsapteker op 'n gespesialiseerde vlak te praktiseer deur voorsiening van 'n omvattende farmaseutiese diens.

G.30.4.3.2 Artikulasie

Hierdie kwalifikasie gee toegang tot na-magistergraadstudie aan hierdie en ander universiteite wat Ph.D.-programme in hierdie studieveld aanbied.

G.30.4.3.3 Ander reëls

Van alle leerders word verwag om 'n kursus in Navorsingsmetodologie te doen.

G.30.4.3.4 KURRIKULUM G841T : GEMEENSKAPSFARMASIE

Die program is 'n gedoseerde kurrikulum wat op 'n afstandsonderrigbasis aangebied word in die vorm van vier (4) verpligte modules en 'n skripsie asook vier (4) keusemodules. Die keusemodules word in oorleg met die studieleier gekies.

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
Eerste semester		
REKP111	Farmaseutiese Bestuur II: Finansiële Rekeningkunde	16
BSKT211*	Farmaseutiese Bestuur III: Persoonlike Bedryfsielkunde	16
BSKT311*	Organisasiegedrag	16
FMIA613	Biofarmaseutika	16
FMIA614	Stabiliteit van Farmaseutiese Produkte	16
FPHA611	Inleiding tot Farmako-ekonomie	16
FPHA612*	Bestuurde Farmaseutiese Sorg	16
FPHA613	Gesondheidsbestuur en Geneesmiddel-gebruiksevaluering	16
Tweede semester		
FPHA621	Farmakoterapie I	16
FPHA622	Farmakoterapie II	16
FPHA623*	Farmako-epidemiologie	16
FPHA624	Wetgewing en Kwaliteitskontrole	16
OMBT121*	Farmaseutiese Bestuur I: Entrepreneurskap	16
OMBT221	Farmaseutiese Bestuur IV: Bemarkingsbestuur	16
FPGA873*	Skripsie	56
Krediet totaal vir die kurrikulum		184

OPMERKING:

*= Verpligte modules

G.30.4.4 KURRIKULUM : KLINIESE FARMASIE**G.30.4.4.1 Kurrikulumuitkomste**

Die leerder sal bevoeg wees om as 'n kliniese apteker te praktiseer met gespesialiseerde kennis van kliniese aspekte van aptekerswese spesifiek toegespits op siektetoestande en die behandeling daarvan.

G.30.4.4.2 Artikulasie

Hierdie kwalifikasie gee toegang tot na-magistergraadstudie aan hierdie en ander universiteite wat Ph.D.-programme in hierdie studieveld aanbied.

G.30.4.4.3 Ander reëls

Van alle leerders word verwag om 'n kursus in Navorsingsmetodologie te doen.

G.30.4.4.4 KURRIKULUM G842T : KLINIESE FARMASIE

- a) Die program is 'n gedoseerde kurrikulum wat op 'n afstandsonderrigbasis aangebied word in die vorm van vier (4) verpligte modules en 'n skripsie asook keusemodules tot 'n maksimum van 64 krediete. Die keusemodules word in oorleg met die studieleier gekies.
- b) Basiese rekenaar- en internetvaardighede is 'n voorvereiste vir hierdie kurrikulum. Dit impliseer dat die leerder bewys van hierdie vaardighede moet kan lewer, tot bevrediging van die studieleier/programkoördineer. Hierdie vaardighede kan verkry word deur die voltooiing van 'n sertifikaatkursus (module FWWT671) aan die Universiteit.

Module kode	Beskrywende naam	Krediete
Eerste semester		
FPHA612	Bestuurde Farmaseutiese Sorg	16
FMIA613	Biofarmaseutika	16
FWWT671	Basiese Rekenaar- en Internetvaardighede	8 – sertifikaatkursus
FKLT631	Beginsels van Farmakokinetika	8
FKLT632	Beginsels van Farmakodinamika	16
FKLT633	Geneesmiddels vir Pyn, Inflammasie, Koors en Lugwegsiektes	16
FKLT641	Geneesmiddels en die Perifere Senuweestelsel	8
FKLT642	Chemoterapie van Infeksies en Infestasies	16
Tweede semester		
FPHA621*	Farmakoterapie I	16
FPHA622*	Farmakoterapie II	16
FPHA623*	Farmako-epidemiologie	16
FKLT651	Geneesmiddels en die Sentrale Senuweestelsel	16
Vervolg op volgende bladsy		

Module kode	Beskrywende naam	Krediete
FKLT652	Hormone , Hormonoïede en Hormoon-antagoniste	16
FKLT661	Geneesmiddels vir die Renale en Kardiovaskulêre Sisteme	16
FPFA873*	Skripsie	56
Enige een van die volgende vier modules:		
FKLT662	Geneesmiddels vir die SVK en velafwykings	8
FKLT663	Vitamiene, Hematopoïetika en Immunofarmakologie	8
FKLT664	Gevorderde Farmakologiese beginsels	8
FKLT665	Getuienis-gebaseerde Geneeskunde	8
Kredietotaal vir die kurrikulum		184

OPMERKING:

*=Verpligte modules

G.30.4.5 KURRIKULUM : HOSPITAALFARMASIE

G.30.4.5.1 Kurrikulumuitkomst

Die leerder sal bevoeg wees om op 'n gespesialiseerde vlak as 'n hospitaalapteker te praktiseer deur die voorsiening van 'n omvattende farmaseutiese diens in die hospitaalomgewing.

G.30.4.5.2 Artikulasie

Hierdie kwalifikasie gee toegang tot na-magistergraadstudie aan hierdie en ander universiteite wat Ph.D.-programme in hierdie studieveld aanbied.

G.30.4.5.3 Ander reëls

Van alle leerders word verwag om 'n module in Navorsingsmetodologie te doen.

G.30.4.5.4 KURRIKULUM G843T : HOSPITAALFARMASIE

Die program is 'n gedoseerde kurrikulum wat op 'n afstandsonderrigbasis aangebied word in die vorm van vier (4) verpligte modules en 'n skripsie asook vier (4) keusemodules. Die keusemodules word in ooreenstemming met die studieleier gekies.

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
Eerste semester		
BSKT211*	Farmaseutiese Bestuur III: Persoonlike Bedryfsielkunde	16
BSKT311	Organisasiegedrag	16
FMIA613	Biofarmaseutika	16
FMIA614	Stabiliteit van Farmaseutiese Produkte	16
FPHA611	Inleiding tot Farmako-ekonomie	16
FPHA612*	Bestuurde Farmaseutiese Sorg	16
Vervolg op volgende bladsy		

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
FPHA613	Gesondheidsbestuur en Geneesmiddel-gebruiksevaluering	16
REKP111	Farmaseutiese Bestuur II: Finansiële Rekeningkunde	16
Tweede semester		
FMA624	Nuwe en Biotegnologiese Produkte	16
FPHA621	Farmakoterapie I	16
FPHA622	Farmakoterapie II	16
FPHA623	Farmako-epidemiologie	16
FPHA624*	Wetgewing en Kwaliteitskontrole	16
FPHA625	Medisyne Voorsieningsisteme	16
OMBT121*	Farmaseutiese Bestuur I: Entrepreneurskap	16
OMBT221	Farmaseutiese Bestuur IV: Bemarkingsbestuur	16
FPHA873*	Skripsie	56
Krediet totaal vir die kurrikulum		184

OPMERKING:

*= Verpligte modules

G.30.5 EKSAMINERING

(Kyk G.20.11 op bladsy 10 van hierdie jaarboek).

G.31 REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER SCIENTIAE

G.31.1 NAVORSINGSFOKUSAREA EN PROGRAMME

- a) Navorsing en opleiding met die oog op die verwerwing van hierdie kwalifikasie in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe is gestruktureer in die navorsingsfokusare 9.1 (Voorkomende en Terapeutiese Intervensie), asook navorsingsfokusarea 9.2 (Geneesmiddelnavorsing en –ontwikkeling).
- b) Navorsing en opleiding in navorsingsfokusarea 9.1 kan geskied in een van die volgende kurrikulums:
 - i) Beroepshigiëne (Skool vir Fisiologie, Voeding en Verbruikerswetenskappe);
 - ii) Dieetkunde (Skool vir Fisiologie, Voeding en Verbruikerswetenskappe);
 - iii) Fisiologie (Skool vir Fisiologie, Voeding en Verbruikerswetenskappe);
 - iv) Menslike Bewegingskunde (Skool vir Biokinetika, Rekreasie en Sportwetenskap);
 - v) Psigologie (Skool vir Psigo- Sosiale Gedragwetenskappe);
 - vi) Voeding (Skool vir Fisiologie, Voeding en Verbruikerswetenskappe); en
 - vii) Biochemie (’n Vakgroep in die Fakulteit Natuurwetenskappe wat ten opsigte van navorsing ressorteer onder die fokusarea Voorkomende en Terapeutiese Intervensie).
- c) Navorsing en opleiding in navorsingsfokusarea 9.2 (Geneesmiddelnavorsing en –ontwikkeling) geskied in die Skool vir Farmasie in een van die volgende kurrikulums:
 - i) Farmakologie;
 - ii) Farmaseutiese Chemie;
 - iii) Farmaseutika.
- d) Navorsing en opleiding geskied onder leiding van die navorsingsdirekteur bygestaan deur die direkteure van die betrokke skool soos hierbo aangedui en personeel van die onderskeie vakgroepe.
- e) Behoudens hoë uitsonderings wat deur die Senaat goedgekeur moet word, moet die navorsing wat vir hierdie kwalifikasie vereis word, dus binne die navorsingsfokusareas 9.1 of 9.2 verrig word.
- f) Leerders kan tydens hulle studie, slegs met die skriftelike toestemming van die skoordirekteure en navorsingsdirekteur, van program/kurrikulum verander of die program/kurrikulum waarvoor hulle ingeskryf is, wysig

G.31.2 DUUR VAN DIE STUDIE

- a) Hierdie kwalifikasie kan verwerf word in een van die programme en kurrikulums wat hieronder verder beskryf word. Die professionele opleiding kan slegs voltyds geneem word, terwyl die akademiese opleiding voltyds of deelyds geneem kan word.
- b) Die minimum duur van die studie is een jaar en die maksimum duur is drie jaar, bereken vanaf die datum van eerste registrasie vir die betrokke program.
- c) Algemene reël A.13.5.2 reël die prosedure vir die verlenging van die studietydperk.

G.31.2.1 ALGEMENE TOELATINGSVEREISTES

- a) Toelating tot hierdie kwalifikasie geskied kragtens Algemene reël A.13.1.
- b) 'n Leerder wat vir die eerste keer vir die magistergraad registreer moet dit voor 30 Junie van die betrokke jaar doen (aansoeke sluit einde Mei).
- c) Herregistrasie vir die verdere studiejare moet elke jaar voor of op 31 Maart geskied.
- d) Goedkeuring van die studieprogram en verbandhoudende reëls geskied na aanleiding van die bepalings in Algemene reël A.13.4.

G.31.3 PROGRAM : BEROEPSHIGIËNE

Kwalifikasiekode: 203160 (NH) (V + D)

Die doel van hierdie kwalifikasie is die opleiding van nagraadse leerders ten einde hulle te bemagtig om op 'n hoogs gespesialiseerde vlak te kan funksioneer as beroepshigiëniste en navorsers in die gesondheidswetenskappe.

G.31.3.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES

- a) Die algemene toelatingsvereistes is vervat in die A-reëls.
- b) Die leerder moet in besit wees van 'n toepaslike Honneurs Baccalaureus graad of gelykwaardige kwalifikasie.

G.31.3.2 KURRIKULUM : BEROEPSHIGIËNE

G.31.3.2.1 Kurrikulumuitkomste

Die gekwalifiseerde leerder sal toegerus wees met gevorderde kennis en vaardighede om 'n relevante navorsingsvraag binne die veld van beroepshigiëne te identifiseer, om 'n gepaste kwantitatiewe en/of kwalitatiewe navorsingsontwerp te beplan en uit te voer op 'n wetenskaplike en etiese wyse deur van gepaste navorsingsmetodes, tegnieke en prosedures gebruik te maak; om die navorsingsbevinding op 'n wetenskaplik-verantwoordbare wyse te interpreteer en 'n navorsingsverslag daaruit saam te stel. Die leerder sal die vermoë besit om in die bedryf as beroepshigiëniste te kan funksioneer.

G.31.3.2.2 Artikulasie en uittreepunt

Suksesvolle voltooiing van die graad verleen toegang tot die Ph.D.-graad in Beroepshigiëne.

G.31.3.2.3 Ander reëls

- a) 'n Bevredigende gedrags- en funksioneringsrekord moet op deurlopende basis deur die leerders gehandhaaf word.
- b) Vier vraestelle en 'n skripsie moet voltooi word tydens die kurrikulum.

G.31.3.2.4 KURRIKULUM G851P: BEROEPSHIGIËNE

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
FLGX883	Skripsie	96
FLGX884	Beroepshigiëne monitering B	24
FLGX885	Vibrasie, hitte en ergonomiese faktore	24
FLGX886	Arbeidswetgewing	24
FLGX887	Persoonlike beskermingstoerusting en straling	24
Krediet totaal vir die kurrikulum		192

Opmerking:

Die bywoning en slaag van 'n NOSA-kursus in Beroepshigiëne en Veiligheid is verpligtend.

G.31.4 PROGRAM : BIOCHEMIE

Kwalifikasiekode: 203167 (NH) (V + D)

203175 (NB) V + D)

Die doel van hierdie kwalifikasie is die opleiding van nagraadse leerders om hulle te bemagtig om op 'n gespesialiseerde vlak te kan funksioneer as navorsers in die gesondheidswetenskappe.

G.31.4.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES

- a) Die algemene toelatingsvereistes is in die A-reëls vervat.
- b) Die leerder moet in besit wees van 'n toepaslike Honneurs Baccalauereusgraad of gelykwaardige kwalifikasie.

G.31.4.2 KURRIKULUM : BIOCHEMIE**G.31.4.2.1 Kurrikulumuitkomst**

Die leerder sal toegerus wees met gevorderde kennis en vaardighede om 'n relevante navorsingsvraag binne die veld van die Gesondheidswetenskappe of Biochemie in die besonder te identifiseer, om 'n gepaste kwantitatiewe en of kwalitatiewe navorsingsonderwerp onder leiding van 'n studieleier te beplan en uit te voer op 'n wetenskaplike en etiese wyse deur gebruik te maak van gepaste navorsingsmetodes, tegnieke en prosedures; om die navorsingsbevindings op 'n wetenskaplike wyse te interpreteer en 'n navorsingsverslag daaruit saam te stel.

G.31.4.2.2 Artikulasie en uittreepunt

Suksesvolle voltooiing van die graad verleen toegang tot die Ph.D.-graad in Biochemie.

G.31.4.2.3 Ander reëls

Bevredigende gedrags- en funksioneringsrekord moet deurlopend deur alle leerders gehandhaaf word.

G.31.4.2.4 KURRIKULUM : G872P : BIOCHEMIE (VERHANDELING)

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
BCHN872	Verhandeling	96
BCHN874	Capita selecta	32
Kredietpunttotaal vir die kurrikulum		128

G.31.4.2.5 KURRIKULUM : G873P : BIOCHEMIE (SKRIPSIE)

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
BCHN873	Skripsie	64
BCHN874	Capita selecta	32
BCHN875	Capita selecta	32
Kredietpunttotaal vir die kurrikulum		128

G.31.5 PROGRAM : DIEETKUNDE

Kwalifikasiekode: 203161 (NH) (V + D)

203169 (NB) (V + D)

Vir hierdie program is dit moontlik om direk na die vierjarige B.Sc. (Dieetkunde)-graad te registreer mits aan die toelatingsvereistes voldoen word.

G.31.5.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES

Bykomend tot die Algemene toelatingsvereistes (Algemene reël A.13.1) geld die volgende toelatingsvereistes:

- vir toelating tot die M.Sc. in Dieetkunde moes die leerder minstens 60% behaal het in VTRP471, VVDB471 en VOED471.
- Inleidende beskrywende statistiek (STTK111) of 'n gelykwaardige kwalifikasie is 'n voor-of newevereiste vir toelating tot die M.Sc. in Dieetkunde.

G.31.5.2 KURRIKULUM : DIEETKUNDE**G.31.5.2.1 Kurrikulumuitkomst**

Die leerder sal toegerus wees met gevorderde kennis en vaardighede om 'n relevante navorsingsvraag binne die veld van Dieetkunde te identifiseer, om 'n gepaste kwantitatiewe en/of kwalitatiewe navorsingsontwerp te beplan en uit te voer op 'n wetenskaplike en etiese wyse deur van gepaste navorsingmetodes, tegnieke en prosedures gebruik te maak; om die navorsingsbevindinge op 'n wetenskaplik-verantwoordbare wyse te interpreteer, 'n navorsingsverslag daaruit kan saamstel en leiding kan neem in Voedingsorg in Suid-Afrika.

G.31.5.2.2 Artikulasie en uittreepunt

Suksesvolle voltooiing van die graad verleen toegang tot die Ph.D. graad in Dieetkunde.

G.31.5.2.3 KURRIKULUM G851P: DIEETKUNDE (SKRIPSIE)

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
VOED873	Skripsie	96
VOED874*	Gemeenskapsvoeding	32
VOED875*	Gevorderde voedingkunde	32
VOED876*	Sportvoeding	32
VOED877*	Terapeutiese voeding	32
VOED878*	Voedseldiensbestuur	32
Krediet totaal vir die kurrikulum		192

G.31.5.2.4 KURRIKULUM G875P : DIEETKUNDE (VERHANDELING)

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
VOED871	Verhandeling	192
Krediet totaal vir die kurrikulum		192

Opmerking:

*=Keusemodules (enige drie modules)

G.31.6 PROGRAM : FARMASIE

Kwalifikasiekode: 203162 (NH) (V + D)

203170 (NB) (V + D)

- Die M. Sc.-graad in die onderskeie kurrikulums is 'n navorsingsgebaseerde graad en bestaan uit 'n navorsingsprojek en die skryf van 'n verhandeling in een van die volgende kurrikulums: Farmaseutiese Chemie (G852P), Farmakologie (G853P) of Farmaseutika (G854P)
- Die doel van die kurrikulums is om in Suid-Afrika se behoefte te voorsien aan hoëvlak mannekrag in die Aptekersprofessie. Die leerder sal hom/haar onderskei as 'n spesialis in sy/haar betrokke gekose veld (program) en sal bevoeg wees om navorsingsmetodologie op die vlak en in die betrokke veld van studie toe te pas.
- Die kurrikulums word op 'n voltydse en deeltydse basis in Afrikaans en Engels aangebied.

G.31.6.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES

- Toelating tot 'n bepaalde kurrikulum geskied op grond van keuring deur die navorsingsdirekteur van die skool en/of die skooldirekteur. Die skooldirekteur/navorsingsdirekteur kan 'n voornemende leerder toelating tot 'n kurrikulum weier indien die standaard van bewaamheid wat die leerder tevore in die betrokke vak(ke) waarin hy/sy verder wil studeer bereik het, nie aan die betrokke kurrikulumvereistes voldoen nie.
- Behoudens uitsonderinge wat die Senaat mag goedkeur, is die toelatingsvereistes vir die Farmaseutiese Chemie (G852P) en Farmaseutika (G854P)-kurrikulums - 'n vierjarige B.Pharm.-graad, 'n B.Sc.(Farm.)-graad, 'n toepaslike Honneursgraad of kwalifikasie wat die Senaat as gelykwaardig beskou. In die geval van 'n 3-jarige B.Pharm.- of B.Sc.(Farm.)-graad sal sodanige addisionele kursuswerk vereis word as wat deur die betrokke programkoördineerder bepaal word. Vir die

Farmakologieprogram (G853P) word 'n Hons.B.Sc.-graad in Farmakologie, 'n vierjarige B.Pharm.-graad of 'n gelykwaardige kwalifikasie wat die Senaat mag goedkeur, vereis.

G.31.6.2 KURRIKULUM : FARMASEUTIESE CHEMIE

G.31.6.2.1 Kurrikulumuitkoms

Die leerder sal bevoeg wees om: (1) gevorderde funksies van 'n apteker te verrig, (2) as 'n leier in die professie en funksies van die aptekersprofessie op te tree, (3) navorsingsmetodologie toe te pas, en (4) om probleemoplossings te kan doen.

G.31.6.2.2 Artikulasie

Die M.Sc.-graad in hierdie kurrikulum gee aan die leerder toegang tot die Ph.D.-graad aan hierdie en ander universiteite wat sodanige graad in die betrokke veld aanbied, terwyl dit ook toegang verleen tot ander meestersgrade aan die universiteit en ander Farmasieskole.

G.31.6.2.3 KURRIKULUM G852P : FARMASEUTIESE CHEMIE

Die kurrikulum bestaan uit 'n navorsingsprojek in 'n navorsingsrigting, binne die toepaslike navorsingsfokusarea, wat kulmineer in die skryf van 'n verhandeling. 'n Deelnemepunt word opgebou deur bywoning/afhandeling van bepaalde modules wat, volgens die oordeel van die betrokke studieleier, van belang mag wees vir die leerder in die voltooiing van sy/haar studie. Die modules word aangedui en omskryf in die "Inligtingsdokument vir Meestergraadstudie" in die Skool vir Farmasie.

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
FCHG871	Verhandeling	184
Krediet totaal vir die kurrikulum		184

G.31.6.3 KURRIKULUM : FARMAKOLOGIE

G.31.6.3.1 Kurrikulumuitkomste

Die leerder sal bevoeg wees om: (1) gevorderde funksies van 'n apteker te verrig, (2) as 'n leier in die professie en funksies van die aptekersprofessie op te tree, (3) navorsingsmetodologie toe te pas, en (4) om probleemoplossings te kan doen.

G.31.6.3.2 Artikulasie

Die M.Sc.-graad in hierdie kurrikulum gee aan die leerder toegang tot die Ph.D.-graad aan hierdie en ander universiteite wat sodanige graad in die betrokke veld aanbied, terwyl dit ook toegang verleen tot ander meestersgrade aan die universiteit en ander Farmasieskole.

G.31.6.3.3 KURRIKULUM G853P : FARMAKOLOGIE

Die kurrikulum bestaan uit 'n navorsingsprojek in 'n navorsingsrigting, binne die toepaslike navorsingsfokusarea, wat kulmineer in die skryf van 'n verhandeling. 'n Deelnemepunt word opgebou deur bywoning/afhandeling van bepaalde

modules wat, volgens die oordeel van die betrokke studieleier, van belang mag wees vir die leerder in die voltooiing van sy/haar studie. Die modules word aangedui en omskryf in die "Inligtingsdokument vir Meestergraadstudie" in die Skool vir Farmasie.

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
FKLG871	Verhandeling	184
Krediet totaal vir die kurrikulum		184

G.31.6.4 KURRIKULUM : FARMASEUTIKA

G.31.6.4.1 Kurrikulumuitkomst

Die leerder sal bevoeg wees om: (1) gevorderde funksies van 'n apteker te verrig, (2) as 'n leier in die professie en funksies van die aptekersprofessie op te tree, (3) navorsingsmetodologie toe te pas, en (4) om probleemoplossings te kan doen.

G.31.6.4.2 Artikulasie

Die M.Sc.-graad in hierdie kurrikulum gee aan die leerder toegang tot die Ph.D.-graad aan hierdie en ander universiteite wat sodanige graad in die betrokke veld aanbied, terwyl dit ook toegang verleen tot ander meestersgrade aan die universiteit en ander Farmasieskole.

G.31.6.4.3 KURRIKULUM G854P : FARMASEUTIKA

Die kurrikulum bestaan uit 'n navorsingsprojek in 'n navorsingsrigting, binne die toepaslike navorsingsfokusarea, wat kulmineer in die skryf van 'n verhandeling. 'n Deelnamepunt word opgebou deur bywoning/afhandeling van bepaalde modules wat, volgens die oordeel van die betrokke studieleier, van belang mag wees vir die leerder in die voltooiing van sy/haar studie. Die modules word aangedui en omskryf in die "Inligtingsdokument vir Meestergraadstudie" in die Skool vir Farmasie.

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
FMSG871	Verhandeling	184
Krediet totaal vir die kurrikulum		184

G.31.7 PROGRAM : FISIOLOGIE

Kwalifikasiekode: 203163 (NH) (V + D)

203171 (NB) (V + D)

Die doel van hierdie kwalifikasie is die opleiding van nagraadse leerders ten einde hulle te bemagtig om op 'n hoogs gespesialiseerde vlak te kan funksioneer as navorsers in die gesondheidswetenskappe.

G.31.7.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES

a) Die algemene toelatingsvereistes is vervat in die A-reëls.

- b) Die leerder moet in besit wees van 'n toepaslike Honneurs Baccalaureus-grad of gelykwaardige kwalifikasie.

G.31.7.2 KURRIKULUM : FISIOLOGIE

G.31.7.2.1 Kurrikulumuitkoste

Die leerder sal toegerus wees met gevorderde kennis en vaardighede om 'n relevante navorsingsvraag binne die veld van Gesondheidswetenskappe of Fisiologie in die besonder, te identifiseer, om 'n gepaste kwantitatiewe en/of kwalitatiewe navorsingsontwerp te beplan en uit te voer op 'n wetenskaplike en etiese wyse deur van gepaste navorsingsmetodes, tegnieke en prosedures gebruik te maak; om die navorsingsbevindinge op 'n wetenskaplik-verantwoordbare wyse te interpreteer en 'n navorsingsverslag daaruit saam te stel.

G.31.7.2.2 Artikulasie en uittreepunt

Suksesvolle voltooiing van die graad verleen toegang tot die Ph.D.-graad in Fisiologie.

G.31.7.2.3 Ander reëls

'n Bevredigende gedrags- en funksioneringsrekord moet op deurlopende basis deur alle leerders gehandhaaf word.

G.31.7.2.4 KURRIKULUM G855P : FISIOLOGIE

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
FLGX871	Verhandeling	192
Krediet totaal vir die kurrikulum		192

G.31.8 PROGRAM : MENSLIKE BEWEGINGSKUNDE

Kwalifikasiekode: 203164 (NH) (V + D)

203172 (NB) (V + D)

Die kurrikulum wat in hierdie program saamgestel is, is akademies van aard. Die kurrikulum bied 'n geleentheid tot die ontwikkeling van gespesialiseerde en gevorderde kennis, toegepaste vaardighede, houdings en waardes aan navorsers in Menslike Bewegingskunde.

G.31.8.1 SPESIFIEKE TOELATINGSVEREISTES

Bykomend tot die Algemene toelatingsvereistes (Algemene reël A.13.1), geld die volgende toelatingvereistes van die Skool:

- 'n gemiddelde akademiese punt van 60% behaal in die honneursjaar;
- slaag van 'n keuringsproses soos voorgeskryf vir elke spesialisering/program van die skool; en
- goedkeuring deur die skooldirekteur/programleier.

G.31.8.2 KURRIKULUM : MENSLIKE BEWEGINGSKUNDE

